

HOOFSTUK III

TAALTOESTANDE VAN 1662 AF TOT AAN W. A. VAN DER STEL SE VERTREK

§25. *Inleidend.*

In hierdie hoofstuk word eers kortliks gelet op wat die algemene geskiedenis berig aangaande die groot veranderinge wat in die Kaapse samelewing van Van Riebeeck se vertrek in 1662 af tot aan W. A. van der Stel se vertrek in 1708 plaasgevind het. Dit mag, tesame geneem met die samestelling van die kolonistebevolking (nuwe Nederlandse en Duitse intrekkers en Franse Hugenote), aanduidings gee met betrekking tot sommige ontwikkelinge in die Nederlands van die blankes. Die invloed van ander faktore soos die betrekkinge met die Hottentotte en slawe sal hierby in aanmerking geneem moet word.

Oor hierdie tydvak word ons deur die mededelings van verskeie landreisigers en besoekers redelik goed op hoogte gebring, hoewel die inligtings oor taalaangeleenthede ongelukkig skaars en vaag bly. 'n Paar van die belangrikste gepubliseerde bronne kan miskien genoem word.

Die Van Riebeeck-Vereniging bring in deel XIV (*The Early Cape Hottentots*) beskrywings van Dapper (1668), Ten Rhyne (1686) en De Grevenbroeck (1695) oor die Khoisan, en in deel XII (*Journals of Bergh and Schryver*) die verhaal van landtogte gemaak deur Bergh in 1682 en in 1683 en deur Schryver in 1689. Nijhoff (Den Haag) publiseer die reisberigte van J. C. Hoffmann en Johann Schreyer; eersgenoemde in die Kaap tussen 1671—1676 en laasgenoemde in 1669—1677 (*Reisebeschreibungen von deutschen Beambten und Kriegsleuten*, deel VII, 1931). In 1685 het Van Rheeде en die goewer-

neur 'n vriendelike ontvangs aan die party van Guy Tachard gegee; die geloofwaardige priester vertel belangwekkende feite oor sy eerste besoek aan die Kaap in sy boek *Voyage de Siam* (in 1686 verskene). In sy *Historische Reizen door d' oostersche deelen van Asia* (uitgegee in 1711) wy die skeepsdokter A. Bogaert wat ons land ses keer besoek het, 'n beskrywing van 156 bladsye aan die nedersetting hier in 1706. In 1685, 1695, 1705 en 1714, dus vier keer, was ds. Francois Valentyn aan die Kaap, en dit blyk uit die vyfde deel, tweede stuk van sy groot werk *Beschryving van Oud en Nieuw Oost Indien*, waarin hy dit oor die Afrikaanse suidpunt het, dat hy 'n goeie waarnemer en feiteversamelaar was. Dit is gedruk in 1726. Ofskoon nie die betroubaarste nie, dan tog die bekendste was Peter Kolbe se *Caput Bonae Spei Hodiernum* (1719), in verskeie tale oorgebring, o.a. in Nederlands in 1727. Sy geloofwaardigheid word later dikwels sterk in twyfel getrek. Waardevolle oorspronklike dokumente is nog opgeneem in dr. E. C. Godeé Molsbergen se *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse tijd*, vier dele (1916—1932). Ds. H. C. V. Leibbrandt gee verskeie vroeë stukke, in die reël slegs in Engelse vertaling, in sy *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope* (van 1896 tot 1906) en in *Rambles through the Archives . . . 1688—1700* (1887). Van besondere waarde vir ons kennis van dié tyd is *Het Dagboek van Adam Tas* (1914). Theal wy 'n kort bespreking aan die belangrikste geskrifte uit die tydvak in sy *History of South Africa*, deel II.

Vir die historiese agtergrond sal hier hoofsaaklik gebruik gemaak word van dr. Gie en dr. Walker se reedsgemelde oorsigte.

§26. Kaapstad as taalsentrum.

In hierdie tydvak het die strategiese belangrikheid van die Kaap aanmerklik toegeneem en het die bewindhebbers veel gedoen om hulle koloniale posisie te verstewig, hoofsaaklik deur die kragdadige toepassing van 'n beleid

van immigrasie, waaroor straks meer. In 1666 het daar in Kaapstad, afgesien van die Kompanjiesdienaars, al sestien families gewoon. Met die oog op die beveiliging van die nedersetting word die verdedigingswerke uitgebrei; in 1666 is die fondament van die Kasteel gelê en in 1674 is die bouwerk in gebruik geneem, hoewel dit eers in 1676 voltooi is. Die kommandeurs word in status verhoog tot goewerneur — Isbrand Goske was die eerste om die titel te dra (1672) en die eerste om die gouwerneurlike residensie, die nuwe Kasteel, te bewoon.

Die bevolking groei langsamerhand aan en allerlei sosiale instellings word noodsaaklik. In 1665 kry die Kaap sy eerste predikant (ds. Johan van Arckel) en word die gemeente selfstandig onder die Ring van Amsterdam. Van nou af word vir die geestelike heil deur die Nederduits-Gereformeerde Kerk as staatskerk gesorg en word eenvormigheid op die gebied van die kerkdogma bereik deur die algemene toeëiening en beoefening van die Calvinisme. 'n Weeskamer word in 1674 opgerig om te sorg vir die erfporsies van onmondige kinders — 'n aanduiding van hoe die kindertal aanwas — en in 1676 word 'n huwelikshof ingestel. Van Rheede reël die uitoefening van die reg noukeuriger. Nie alleen die Kasteel nie, ook groot geboue soos die hospitaal en die Grootte Kerk reg teenoor mekaar in die Heerengracht verhoog die indruk van permanensie. Die slawekasarm gee onderdak aan 500 Kompanjieslawe en direk daarnaas lê die lushof van 'n Tuin, so hoog geroem deur Valentyn. Kaapstad het langsamerhand 'n ingewikkelder sosiale struktuur aangeneem as in Van Riebeeck se tyd, waarmee die eise wat aan die taal gestel word, natuurlik verband moet hou. Teen die tyd van W. A. van der Stel se vertrek was daar al vier ander dorpe en het die moederstad geword die hoofstad van 'n nuwe kolonie, wat ongeveer die huidige Boland beslaan het. Daar was toe in die Kasteelstad omtrent 'n 200 huise op die ou aanleg (Gie I 143) en 'n 300 families (Walker 69). Die slawegebou het 'n 500 van die Kompanjie se werkvolk gehuisves en in en om die Kasteel of op die buiteposte was die garnisoen

van tussen 'n 100 tot 700 soldate sterk, al na gelang daar vrede is of vooruitsigte op oorlog (Walker 71).

Kaapstad was die poort na die binneland en na die buiteland. Die buitemense moes na die stad kom vir die verhandeling van hulle produkte, vir inkope of vir sake soos die voltrekking van huwelike; en deur sy hawe was dit die aanloopplek vir skepe. Somtyds was daar meer as 2,000 matrose en besoekers aan land (Gie I 145). By sulke geleenthede was die stad bedrywig. Die buiteliede het dan ingekom om hulle ware, indien nodig skelmpies, te probeer van die hand sit, en die stedelinge het dit ook verstaan om hulle slag te slaan. Daar was die tapperye, en verder was dit onder die Kaapse burgery die algemene gebruik om vreemde besoekers teen betaling onderdak te verleen. Bowendien was „elke privaathuis byna . . . 'n soort van winkel, waar onder die hand baie transaksies plaasgevind het, sommige waarvan onwettig was, want die burgers; nes die beamptes, het nie ontsien om die monopolie van die Kompanjie aan te tas nie . . . Hierdie kleinhandel het die Kapenaar geld in die sak gebring . . .” (Gie I 145).

Die rol van Kaapstad wat by tye oorstroom word deur ryk besoekers maar meestal kalm sy gang kon gaan, was in die vestiging van 'n taalnorm dus groot. Hier was die taal blootgestel aan verlerlei invloede van buite en van binne. Op drukke tye was dit soos 'n kookpot. Dan staan twee groepe teenoor- en deurmekaar: die vaste (stads-)bevolking (blank en gekleurd) en die tydelike, vlottende deel, wat uit die vlotelinge veral bestaan, maar tog ook in 'n sekere sin uit die amptenare en die garnisoenbesetting. Albei groepe is grootliks van mekaar afhanklik en in taalkundige opsig moes hier 'n interessante maar nagenoeg onbepaalbare wisselwerking gewees het. Naas die behoudende krag van diegene wat Nederlands goed praat, kom die ander vreemdelinge voor wat dit nie kon doen nie en dus eerder afbrekend moes gewerk het. Die algemene kultuurwet om die uiterstes te vermy en die sinryke na te streef, sal hier wel ook 'n hooffaktor in die proses gewees het.

By al die kragte van wisseling en blootstelling was daar ook vastigheid. Die stadsmense het geanker geraak en die toename in die vaste bevolking veral was bevorderlik vir die opkoms van bepaalde, gereelde beroepe. Al het die lewe die omtrekke van 'n Europese stadsbestaan begin aanneem, was die landelike karakter van Kaapstad nog sy opvallendste kenmerk vir die besoekers. Langs die hange van Leeuwenberg het die meeste inwoners hulle fyntuine gehad vir die kweking van eie groente. Die geringe aantal inwoners het intieme omgang met mekaar bevorder en die vestiging van gemarkeerde standsverskille teengegaan. Almal het mekaar geken en vir 'n houding van afsydigheid was daar weinig kans. Die kerkdienste was byvoorbeeld sosiale gebeurtenisse en is deur die hele klein gemeenskappie bygewoon; 'n sterfgeval het die hele samelewing geskok. Maatskaplike eenvormigheid het noodwendig taalkundige, en trouens kulturele eenvormigheid aangehelp, 'n feit wat alle koloniale nedersettings afteken van die toestande in die stamlande.

§ 27. *Die begin van uitbreiding na die binneland toe: eerste veeboere.*

Nie alleen het die koloniste in die Baai geanker geraak nie, hulle sal ook op die land gewortel raak. Die omgewing rondom Tafelberg het te klein geword en uitbreiding moes volg. Die Kompanjie het hiertoe die weg voorberei deur op 19 April 1672 die kusstreek van Houtbaai af noordwaarts tot aan Saldanhabaai van kaptein Schacher te koop en veertien dae later die stuk van Houtbaai af ooswaarts van Kaptein Dhouw, d.w.s. die gebied Hottentots-Holland met die kus van Valsbaai.

Dieselfde jaar breek die Tweede Hottentotsoorlog uit, maar die Gonjemans moes in 1677 vrede sluit en onderneem om die veehandel te bevorder. Die uitbreiding van die blanke kolonisasie is nie verder deur georganiseerde Hottentotverset teengehou nie en die Kompanjie het deur koopktes sowel as deur verowering sy reg verkry op die

landgebied ten weste van die eerste Bergreeks en tot aan Saldanhaabaai.

Na die sluiting van die koopaktes dog nog voor die uitbreking van die oorlog word in Oktober 1672 in hierdie gebied in Hottentots-Holland 'n Kompanjiesplaas aangelê (veepos en saailande), maar die vryboere moes nog aan die voet van Tafelberg (Liesbeekvallei) hulle saaiery voortsit, waaraan slegs 'n derde van die families hulle werklik gewy het (Walker).

Hiermee was almal nie tevrede nie en toe die Kompanjie 'n plaas in Hottentots-Holland aanlê, het sommige van hulle, deur jagtogte en ekspedisies met die land al goed bekend, aangedring op verlof om hulle te vestig in die vrugbare streek anderkant die Kaapse Vlakte. Die Vlakte was destyds 'n strook waaisand van ongeveer vyftien myl wyd en 'n hindernis so goed as 'n bergreeks (Walker, *Atlas*, 5, 6).

In Januarie 1678, net na die Hottentotoorlog, is aan die eerste boere die verlof gegee. Hulle het egter nie plase in eiendom ontvang nie soos diegene langs die Liesbeekrivier; voorlopig is alleen weiregte aan hulle toegesê, d.w.s. hulle is nie in die eerste plaas saaiboere nie, dog wel veeboere. Daarom ook sal hulle verder uitmekaar moet woon as die tuinbouers en groter plase as die gewone 13-14 morg nodig hê, sodat die onderlinge verband vanself lossen gaan word. In 1678 is weiregte toegeken aan J. Marquaart, H. Elberts, H. Huising en N. Gerrits in Hottentots-Holland en langs die Eersterivier, en in 1679 aan P. Visagie en J. Mostert by Tierberg. Daardie jaar het die hele vrye bevolking ongeveer 290 siele getel „byna die helfte waarvan kinders was” (Gie I 95).

§28. *Versnelde en doelbewuste kolonisasie; begin van trekboere.*

Simon van der Stel, 'n vurige patriot wie se ambisie dit was om hier 'n nuwe Nederland te stig, aanvaar sy werk op 12 Oktober 1679. Nog dieselfde jaar stel hy grond *in eiendom* beskikbaar op die plek deur hom en na hom en sy vrou Stellenbosch genoem, en voor die einde van die jaar het een boer hom hier kom vestig; vier jaar

later was daar 30 families naby mekaar, en so ontwikkel die landboukolonie hom tot 'n dorp wat in 1683 'n sieketrooster en onderwyser kry (Sybrand Mankadan), in 1685 ook 'n landdros oor sy heemrade.

Here XVII steun die kolonisasieskema en in 1685 word op groot skaal probeer om emigrasie na die Kaap aan te moedig deur die verskaffing van 'n vrye oorvaart, die uitgifte van eiendomsplase en die aanbieding van ander gunstige voorwaardes. Pogings is aangewend om hubare meisies uit die weeshuise van Amsterdam en Rotterdam oor te stuur. Die gevolg was dat die aantal Nederlandse intrekkelinge flink toegeneem het en dat nuwe vanne aangetref word. Walker gee in sy *Atlas* (8-10) 'n lys van die toegekende plase aan.

By die kermis van Stellenbosch (in 1686 ingestel en van orals vandaan flink bygewoon, ook uit Kaapstad) blyk dit in 1687 dat meer as 20 koloniste plase wil hê en die stigting van 'n nuwe landboukolonie word nodig: dieselfde jaar word Paarl toe aangelê. As 'n verdere gevolg van die Kompanjie se kragdadige uitbreidingspogings kom daar in 1688 'n 150 Franse Hugenote en byna eweveel Nederlandse koloniste aan (Gie I, III), aan wie, volgens ooreenkoms, ook plase moes toegewys word, sodat daardie jaar De Fransche Hoek gestig is. Tien jaar later het die bewoonde gebied hom tot in Wagenmakersvlei (Wellington) uitgestrek, en in 1699 tot in die Land van Waveren (Tulbaghkom).

W. A. van der Stel het na sy diensaanvaarding op sy eerste inspeksiereis in November 1699 koloniste aangetref waar Hermon vandag lê (Gie I 121), en omdat die buitegebiede tot in die Tulbaghkom, deur hom oor die Roodesandpas bereik, so ver van Kaapstad geleë is en die weë soms swak of selfs onbegaanbaar was met die gevolg dat die boere hulle landbouprodukte moeilik na die hawe kon bring, het hy, direk in stryd met sy vader se opvattinge, besluit om die veeboerdery aan te moedig. Met die oog op die verbetering van die ras is skape ingevoer en die veeruilverbod met Hottentotte is in 1700 opgehef.

Sulke stappe was bevorderlik vir die opkoms en vestiging van die veeboerestand.

Verder het Willem van der Stel meer weilisensies uitgereik. Dr. Gie sê hieroor: „ . . . na 1700 neem die getalle (veeboere) baie sterk toe; en agter hierdie getalle skuil niks minder nie as die werklike begin van die trek van die veeboere land-in. Langs die Bergrivier af en verder noordwaarts na die Olifantsrivier toe het hierdie trek gegaan; ook oor die Roodesandpas en uit die Tulbaghkom langs die Brederivier het die veeposte van die koloniste vermenigvuldig, terwyl die goewerneur . . . sy eie vee . . . tot verby die Botrivier laat wei het” (I 122). Hoewel die verlot in verband met die veeruil weer eiemagtig ingetrek is, het dit die toekoms van die veeboerdery nie wesentlik aangetas nie en hiermee is die grondslag gelê vir die *trekboer*, die eintlike pionier van die land.

Van Riebeeck se nedersetting het by sy vertrek 'n heel klein gebied beslaan: die Tafel- en Liesbeekvalleie en Robbeneiland. By W. A. van der Stel se vertrek het die gebied hom uitgestrek tot aan die hange van die Drakensteinberge en sy uitlopers. Behalwe Tulbagh en die pos op Saldanhabaai was die plekke in reguit lyn nie verder as 50 myl van die Kasteel af verwyder nie.

In hierdie kom tussen die Drakenstein-, die Hottentots-Hollandberge en die see, so ongeveer in die huidige Boland, het die vryliede hulle bevind. In 1707 was daar 1641 vrye koloniste, vrouens en kinders inbegrepe. Dit moet egter in aanmerking geneem word dat hulle nie betreklik eweredig oor die ruim gebied versprei was nie. Walker gee in sy *Atlas* 'n kaart waarop al die uitgereikte plase aangedui word, en daaruit blyk hoe die plase langs die waterweë en riviere geleë is, bv. langs die kus van die Tafel-, Hout- en Valsbaai of aan die oewers van die Liesbeek-, Diep-, Elsjeskraal-, Eerste- (Stellenbosch), Kuils- en ander riviere en riviértjies, en veral natuurlik langs die Groot-Bergrivier, bv. Franshoek, Drakenstein, Wagenmakersvallei) en die Klein-Bergrivier (Tulbagh). So was daar dus orals klein maatskaplike eenhede,

landboukolonietjies waarvan die naaste lede in noue en intieme onderlinge kontak verkeer het — ten opsigte van taalgebruik belangrike oorweginge.

Ondertussen het die stryd teen die goewerneur en die beaampteklik om meer ekonomiese vryheid vir die boere daarop uitgeloop dat die Kompanjie die kant van die boere gekies het. Ongelukkig het die onaangenaamhede wat hieruit voortgespruit het, 'n radikale beleidsverandering tot gevolg gehad. Die verlof van Here XVII aan die Kamers om „vrijelijden, soo mans als vrouwen, vrij van cost- en transport-geld nae de Caap . . .” oor die weg te help, word op 26 Oktober 1706 herroep, en totdat die Britse setlaars meer as 'n eeu later uitgebring sal word, sal daar nie weer staatsondersteunde immigrasie na ons land wees nie. Die versnelde uitbreiding deur doelbewuste pogings het ten einde geloop en die bevolkingstoename is voortaan afhanklik van natuurlike geboorte-aanwas en toevallige immigrasie. Die sterk stroom uit Nederland word al meer en meer 'n dun onbeduidende straaltjie.

§29. *Maatskaplike Toestande t.o.v. onderlinge verkeer.*

Die vaste bevolking van die Kolonie kan aan die einde van die tydvak in drie hoofgroepe onderskei word: die stedelinge; die landbouers, d.w.s. die graan- en wynboere van die Bergriviervallei en ander vrugbare plekke; en eindelik die veeboere wat alreeds die „Bergen van Afrika” begin oorsteek.

Die groepe was egter nog nie sterk geskei nie — die stedelinge het hulle tuintjies gehad, die graan- en wynboere hulle klompie vee, die veeboere hulle eiendomsplase. Op nog ander wyses as die manier om 'n bestaan te maak, is die eenheid en saamgebondenheid benadruk en het wedersydse omgang noodsaaklik geword. Die bywoning van kerkdienste op uitnodiging (Tas) was 'n soort van onvermydelike plig (Kaapstad, Stellenbosch, Drakenstein) en het die mense van naby en verderaf bymekaar gebring vir uitwisseling van nuus, versterking van vriendskapsbande en kennismaking met intrekkers. Huwelike was

geleenthede vir „'n hele reeks feestelikhede” (Gie) waartoe almal welkom was; siektes is druk bespreek en die siekes deur die buurskap druk besoek; sterfgevälle het allerweë meegevoel opgewek, sodat maaltye vir die verderaf-wonende begrafnisgangers toeberei moes word. Vendusies was gesellige byeenkomste en slaweveilings het kopers uit die hele kolonie getrek. Die jaarlikse milisie-oefeninge en veral die Stellenbosse kermis wat veertien dae geduur het en gewy was aan sport, skyfskiet, dans en vermaak, het puik opkomst getrek. Onder die mans was jagekspedisies in daardie pioniersdae van landskoonmaak en stryd teen wilde diere en Boesmans aan die orde; almal moes leer om goeie skuts en perderuiters te wees. Sedert die Tweede Hottentotoorlog het burgerkommando's onder hulle eie offisiere vrywillige militêre diens gelewer en burgerlike strafekspedisies is daarna nog herhaaldelik onderneem, veral teen Boesmans. Die kommandostelsel het in hierdie tye sy omtrekke gekry. Die stryd teen Willem van der Stel het die hou van vergaderings in die hand gewerk en boere van uiteenlopende groepe meer een van sin gemaak.

Die soldate en amptenare was op hulle beurt nie al te sterk van die vaste vryliede geskei nie. Soldate het soms probeer deserteer om vryboere of jagters te word, 'n aansienlike aantal het ontslag gekry om boere te word; onder diegene wat verkies het om in die diens van die Kompanjie te bly, was daar die *pasgangers*, dit is, soldate wat 'n bedrag betaal het vir die reg om gedurende 'n bepaalde tyd hulle eie potjie te krap, en die *knegs* wat in die interim nie deur die Kompanjie besoldig is nie, maar deur die boer by wie hulle in diens was. Die beamptes weer het onder die bestuur van die Van der Stels self geboer, 'n vergunning wat tot misbruik en die burgerlike verset gelei het.

Al hierdie en dergelike kragte het maatskaplik 'n saambindende, eenmakende uitwerking gehad en 'n toestand van kulturele uniformiteit laat ewolusioneer. Die lede van die betreklike klein kolonistegemeenskap was deur omstandighede voortdurend op mekaar aangewys

vir gesamentlike optrede en wedersydse steun. Dié faktore het die opkoms van belangrike standverskille teengehou en sosiale gelykheid in die hand gewerk; in al dié lotsbestemminge het ook die taalfaktore gedeel. In Europa was die (laere) gemeenskap meer gebonde aan plek, beroep en ras, was daar gevolglik minder beweeglikheid oor die bewoonde gebied. Daar kon 'n persoon sy hele lewe in sy geboortewyk slyt. Hier by ons was dit onder die vryes seker nie waar nie, in elk geval nie reël nie. Hier het die omstandighede beweging van mense en uitwissing van die al te persoonlike ongemeen bevorder. Wel was die weë swak en het die houtasse van die karre en waens dikwels deur al die ongelykhede van die paaie gebreek, soos Olof Bergh ons bv. in sy tweede landtog beskryf, maar vir die gewone samekoms en kuier van kortere duur was daar die gebruik van die perd (en almal kon ry, mans en vrouens) wat hom, behalwe by vol riviere en in deurslagvleie, nie te veel aan slegte paaie gesteur het nie. Die onbegaanbaarheid van die weë moet as hindernis ook nie oordryf word nie!

Tot dusver was hier veral sprake van spesiale geleenthede vir samekomste. Vir die daaglikse omgang was die omstandighede natuurlik minder gunstig, nie alleen om die eise wat die boerdery as beroep stel nie, maar eweneens deur die verstrooidheid van die bevolking en deur die slegte paaie. Hierop wys ds. Simond as hy op 15 Junie 1689 pleit vir groter konsentrasie van die Franse met die oog op kerk- en skoolgeriewe op Drakenstein (Paarl), want waar die gebou ook al geplaas word, sal dit, behalwe vir 'n paar, twee of meer uur buite die bereik van die meerderheid verwyder wees. Dr. J. L. M. Franken, uit wie se artikelreeks oor *Die Franse Vlugtelinge* hier geput word, haal in dieselfde uitgawe van *Die Huisgenoot* (27 Nov. 1925) 'n opmerking van ds. Le Boucq uit 1707 aan: „Drakenstijn en is waarlijk geen plaats om van een predikant naar behooren waargenomen te kunnen werden, want voor eerst, en sal men, daar de huijsen bijna het alderdighst staan, in een uertijts, geen vier kunnen

begaan, want deselve staan daar seven, aght, jae negen, of tien mejlen gaans van den anderen . . .”

Om saam te vat: in die 27 jaar tot 1679 was die eintlike nedersetting beperk tot die klein gebied rondom die Kasteel en duskant die Kaapse Vlakte, d.w.s. die toestande wat geheers het gedurende Van Riebeeck se bestuur van tien jaar, duur nagenoeg onveranderd voort in die daaropvolgende bykans twintig jaar. Gedurende die 30 jaar hieropvolgende raak die hele kom, ook anderkant die Kaapse Vlakte, tot aan die eerste Bergreeks gevul, maar die toestande is sodanig in maatskaplike, ekonomiese, politieke en geografiese opsig dat die onderlinge verkeer nog intiem bly, die vryliede amper nog een groot familie uitmaak.

§30. *Die Samestelling van die blanke bevolking: „Afrikaners” en andere.*

In hierdie tydvak van geweldige uitbreiding t.o.v. die bewoonde gebied, die kolonisasiebeleid en die vee- en trekboerskap het die permanente blanke bevolking natuurlik ook vinnig toegeneem. Die syfers is nie altyd bereken om groot vertrouwe in te boesem nie; so sê, om 'n voorbeeldjie te noem, Colenbrander (106), steunende op Theal (I 365), dat daar in 1691 'n duisend koloniste was, maar Gie (I 118) gee daarvoor „dertienhonderd” aan, 'n syfer wat, volgens *Letters Despatched 1696—1708*, bl. 104, eers in 1700, dus nege jaar later, bereik is. Nogtans is die tendens in die toename duidelik genoeg en kan met 'n paar data geïllustreer word.

. In die jaar van Van Riebeeck se vertrek was daar 76 vryliede (insluitende 22 kinders); 10 jaar later was die getal meer as verdubbel, naamlik 168, en in die vyftien jaar hieropvolgende (1687), dus net voor die aankoms van die Hugenote, was dít weer meer as verdrievoudig toe die totaal op 573 gestel is. Kort voor 1696, toe dit 1,121 siele beloop het, moes die duisendtal oorskry gewees het, en in 1708, die jaar van W. A. van der Stel se vertrek, het die getal op 1,723 gestaan. Van 76 aan die begin van die periode onder bespreking het die

sieletal tot aan die einde daarvan, d.w.s. in 46 jaar, 23 maal groter geword en gestyg tot aan 1,723. Dit verduidelik hoe Kaapland die land van die toekoms begin word het, hoe dit 'n lokkrag begin uitoefen het en dat die voortbestaan van die blankedom aan die suidspits van Afrika na 'n halwe eeu nagenoeg verseker moes gewees het.

Dit word des te duideliker as twee soorte gegewens in hulle persentatiewe verhoudinge beskou word, naamlik die verhoudinge van kinders tot volwassenes en van vrouens tot mans, want 'n aktiewe vrou het destyds haas altyd 'n huisgesin verteenwoordig. In 1660 was daar onder die vryburgers teenoor 34 mans slegs 12 vrouens, in 1662 15 teenoor 39 mans, in 1672 39 naas 64, ensovoorts, en in 1708 307 naas 491. Dehérain gee die volgende tabel aan (bl. 133):

An- nées	Adultes			Enfants			Total géné- ral des Co- lons	M.	Vr.
	Hom- mes	Fem- mes	To- tal	Gar- cons	Fil- les	To- tal			
1658	—	—	—	—	—	—	57	—	—
1660	34	12	46	—	—	14	60	74	26
1661	32	12	44	—	—	—	64	73	27
1662	39	15	54	—	—	22	76	72	28
1672	64	39	103	—	—	65	168	62	38
1687	254	88	342	—	—	231	573	74	26
1696	428	202	630	253	238	491	1121	68	32
1697	435	202	637	232	233	465	1102	67	31
1698	402	224	626	244	254	498	1124	64	36
1699	414	207	621	255	266	521	1142	67	33
1700	458	241	699	290	319	609	1308	66	34
1701	418	222	640	295	310	605	1245	65	35
1702	502	270	772	337	333	670	1442	65	35
1703	571	280	851	349	363	712	1563	67	33
1704	512	291	833	386	371	757	1590	65	35
1705	568	288	856	408	395	803	1659	66	34
1706	554	295	849	409	411	820	1669	65	35
1707	513	290	803	426	412	838	1641	64	36
1708	491	307	798	472	453	925	1723	61	39

Die twee laaste kolomme is nie van Dehérain nie. Hulle bereken die persentasies van mans (M-kolom) en vrouens (Vr.-kolom) uit die totaal volwassenes per aangegewe jaar. Daaruit blyk vereers hoe kosbaar vrouens toe was. Gedurende die 48 jaar deur die tabel gedek, vorm die vrouens in die eerste 27 jaar daarvan (1660—1687) so ongeveer net onder 'n kwart van die volwasse bevolking, d.w.s. is daar byna drie keer soveel mans as vrouens. Die jaar 1672 vorm natuurlik 'n uitsondering, en daar sal meer wees. Gedurende die laaste 21 jaar maak hulle nagenoeg 'n derde uit, of anders uitgedruk, is daar twee keer soveel mans. Daar was dus 'n tekort aan lewensgesellinne, sodat hubare dames, byvoorbeeld die ingevoerde weesmeisies uit Amsterdam en Rotterdam, selde lank moes wag om 'n aanbod te ontvang, en onder die jongmense van hierdie land was dit gebruikelik om huwelike op jeugdige leeftyd te sluit terwyl hulle nog onmondig was en, nie net uit beleefdheid nie, konsente moes vra.

Die belangrikste feit wat uit die statistiek blyk, is wel dat die verhouding ten gunste van die moeders konsekwent toeneem, d.w.s. hulle vermeerder relatief vinniger as die mans. Ten dele moet dit verklaar word uit die verhouding onder die alhier geboortiges: die aantal seuntjies en dogtertjies bly ongeveer konstant gelykop verdeel, met die gevolg dat die mans hulle voorsprong van 2: 1 onder die volksjeug kwytraak en dit die moedertal ewentueel ten goede moet kom. Die aanwas moet die bestendinging van die volk in sy nuwe tuiste noodwendig bevorder en hom penwortels laat skiet.

Die meeste huwelike was ryklik geseën met kinders. In Colenbrander se lysie kom tussen 1657—1708 die name van 294 stamvaders voor, en omdat party hertroud was, is daar 313 huwelike deur hulle gesluit en daaruit 1,600 kinders verwek. In 76 van die 313 egverbintnisse, dus in ongeveer 'n kwart, was daar 1 of 2 kinders, in die res 3 of meer. Die gemiddelde per huisgesin was 5.11 kinders, wat soveel wil sê dat die meeste ouerpare hulle kroos nie op die vingers van een hand kon aftel nie;

verskeie kon dit selfs nie met behulp van albei hande doen nie, bv. Adriaan van Brakel met 14, Hendrik Eksteen met 15 (uit twee huwelike), Schalk van der Merwe met 17 of Louis Fourié met 20 (waarvoor twee huwelike nodig was), ens., maar hulle vorm die kleinste minderheid. In die genoemde periode het slegs 22 uit die 313 huwelike (d.w.s 7%) elk elf of meer kinders verwek.

Om enige tendense na vore te laat tree, kan onderstaande tabel dalk sy nut hê:

1 kind	in elk van 36 huwelike, totaal:	: 36	} —384, byna 'n kwart
2 kinders	40	80	
3	40	120	
4	37	148	
<hr/>			
5	42	210	} 750, byna helfte
6	26	156	
<hr/>			
7	21	147	} 1198, drie-kwart
8	14	112	
9	21	189	
<hr/>			
10	14	140	}
11	13	143	
12	3	36	
13	4	52	
14	1 huwelik,	14	
17	1	17	
In 313 huwelik, totaal:		1,600 kinders	

Hieruit blyk dat as ons nie die aantal egverbintenisse as eerste uitgangspunt kies nie, maar wel die kinderbevolking self, dan is vir die eerste kwart aan die begin van die distribusiekurwe 153 huwelike verantwoordelik, wat die helfte van die totaal is, die ander helfte lewer die orige driekwart. Die laaste kwart van die kindertal word gelewer deur 36 gesinne, d.w.s. dat 11% van die huwelike met groot families van 10 kinders of meer beter presteer as 50% met vier kinders of minder vir elkeen. Nogtans bly die algemene indruk bestaan dat die gesinne betreklik kinderryk was. Die gemiddelde

blanke gesin is as eenheid 'n taalkolonie van oor die sewe, die ouers inbegrepe, sodat daar met reg aangeneem word dat heelwat vormende invloed van die kinders op die taal moes uitgegaan het.

Hoërop is 'n tweede reeks syfers as leersaam genoem, naamlik die vergelyking van die aantal kinders en volwassenes, in persentasies uitgedruk, t.o.v. die totale kolonistebevolking (Dehérain, 134). Ons merk dat die bevolking in 1660 uit drie volwassenes teenoor elke kind gestaan het („eine ergreiste Gemeinschaft”), maar dat die verhouding vinnig ten gunste van die kinders verloop het sodat hulle in 1707, aan die uitgang van ons periode, die meerderheid van die totale kolonistebevolking uitmaak het.

Reeds in 1691 het ons by 'n allerbelangrikste mylpaal aangeland. Die permanente blanke bevolking het op twee maniere aangegroei: (a) deur geboorte-aanwas, en (b) deur rekrutering van nuwe vryburgers, ditsy deur ontslag uit Kompanjiesdiens, ditsy deur direkte immigrasie soos in die geval van die Hugenote of die weesmeisies in 1685 en later, of uit Mauritius met die opheffing van die nedersetting aldaar. Tot 1690 was (b) die belangrikste voedingsbron, in 1691 egter, na dr. Colenbrander ons meedeel (bl. 108), „(begon) de toeneming door geboorte die door immigratie . . . te overtreffen . . .” Langsamerhand neem die onvolwassenes op dié wyse 'n gunstiger plek in; in 1697 vorm hulle al 42% van die totale kolonistetal, en vroeg in die volgende eeu (1707) is hulle in die meerderheid. Dit is 'n verskynsel in die rigting van die verjeugdiging van die maatskappy en tipies van tye van groei en dadedrang, van 'n pioniersbeskawing.

Al die kinders is natuurlik nie net hier gebore nie, maar die vermoedelike klein persentasie „uitlandertjies” kan ons argumentshalwe vervang met 'n klompie volwassenes wat hier gebore is en ondertussen voor 1707 die kinderskoene ontgroeï het — hulle sal meer as opweeg teen die „vreemde” kinders! Dan kan ons seker veilig

beweer dat goed *die meerderheid* van die vaste burgerlike bevolking teen 1707 reeds Afrikaner(tjies) was, en dat hulle noodwendig al die koers moet begin bepaal eerder as die inkomelinge. Dit is trouens juis nou, in die stryd teen W. A. van der Stel, dat die lokale patriotisme vir hom ondubbelsinnig laat geld het, en op 6 Maart 1707 dat 'n *blanke* met die naam van Hendrik Bibault, hier gebore en toe 'n jongman van 17 of 18 jaar, met trots uitgeroep het: „K'ben een Africaander” (*Huisgenoot*, 21 Sept. 1928). Afrikaners, natuurlik onbekend met Europa uit eerste hand, sal hulle taalaktiwiteit noodwendig moet laat plaasvind teen die eie Kaapse agtergrond, byvoorbeeld in naamgewing en nuutskepping, in die aanwending van vele beelde, vergelykings en ander assosiatiewe vorminge. Hulle sien hulle land nie meer deur „Nederlandse oë” nie, want deur omstandighede kan hulle dit slegs sien deur Afrikaanse oë. Waar die teenstelling vroeër veral tussen Nederlanders en nie-Nederlanders was, word dit nou daarnaas al hoe meer ook tussen Afrikaners en nie-Afrikaners.

§31. *Die Samestelling van die blanke bevolking: Nederlanders en andere.*

(i) *Algemeen.*

Wat die vryburgers betref, het ons reeds gesien dat in Van Riebeeck se tyd 70% uit Nederland en Vlaandere afkomstig was, 24% uit Duitsland en 6% van elders, sodat daar byna drie keer soveel Nederlanders was as al die ander tesaam, die ander deur omstandighede egter ook in 'n sekere sin Nederlandssprekendes. Volgens die opgaaf by Colenbrander was die verhouding onder diegene wat produktiewe huwelike gesluit het, ongeveer dieselfde, naamlik Nederlanders 77% en Duitsers 23% ten opsigte van die stamvaders, of, met bytelling van die stammoeders 77%, 15% en 8% vir diegene van Nederlandse, Duitse of ander bloed onderskeidelik.

Vir die tydvak 1662—1708 moet noodwendig 'n onderverdeling gemaak word.

In die periode 1662—1687 het die verhouding ongeveer

dieselfde gebly as in Van Riebeeck se tyd. As ons die Vlaminge by die Nederlanders tel, dan kry ons vir die stamvaders by Colenbrander opgegee ten opsigte van Nederlanders, Duitsers, Franse en diegene van ander nasionaliteite die volgende persentasies onderskeidelik:

73: 18: 4: 5, en ooreenstemmend vir die moeders:

80: 3: 4: 13 (21 Kaapse moeders nie bygetel nie),
of vir albei saam:

76: 11: 4: 9.

As die hele kolonistebevolking dieselfde deursnee het, beteken dit dat die sprekers prakties haas almal Germaans van oorsprong was en dat die Nederlandse element goed 3 teen 1 sterk was,¹⁾ dus sowel kwantitatief as kwalitatief die toon kon en moes aangee.

Die jaar 1687 bring ons aan die einde van die eerste geslag vryburgers. Die samelewing het in verskeie opsigte al sy eie kode ontwikkel en sy eie karakter begin vertoon. In die oordrag van die geestesgoedere en die leefwyse is die grondslag dus al gelê terwyl die Nederlandse element nog oorheers het, want sekere aanpassings moes noodwendig vroeg gemaak geword het.

Die groot uitbreiding dieper landwaarts in val saam met die koms van meer immigrante, onder wie die Franse prominent uitstaan. Van 1688—1708 verander die bevolkingsverhouding dan ook aanmerklik. Volgens Colenbrander se lys van geseënde huwelike uit dié tyd kry ons die volgende persentasies vir agtereenvolgens Nederlanders, Duitsers, Franse en mense van ander nasionaliteite by die stamvaders:

¹⁾ Hier is slegs sprake van gemiddeldes en dit berus daarenbove op onvolledige gegewens. Die indruk wat Van Rheede gekry het, strook egter nie gerusstellend genoeg met bostaande verhoudinge voor 1685 nie, wel vir die periode daarna, waaroor dit nie hier kan gaan nie. In 1685 het hy, „nae siende de naemen en rolle der vrye luyden alhier als burgers toegelaten,” bevind „dat *het meeste getal van deselve* bestond uyt vreemdelingen ofte persooenen geen onderdanen sijnde van de generaliteijt” en aangeraai dat „soodanigh de genen die alhier vrijman zoude willen worden, behorende te sijn van onder het gebiet der Vereenigde Nederlanden of hoogh Duijdsche natie, welckers heeren en vorsten bij der zee niet en equiperen.” (Aanhaling uit 'n artikel van dr. J. L. M. Franken in *Die Huisgenoot* 5 Febr. 1926).

35: 24: 36: 5, en vir die stammoeders van oorsee:
47: 1: 47: 5, of vir albei tesaam:
39: 16: 40: 5.

Op die oog is hierdie syfers met die verhouding 2 tot 5, d.w.s. 2 teen 3 teen hulle, ongunstig vir die Nederlandse wins. Maar daar moet onthou word dat hierdie syfers alleen huwelike van *nuwe* stamvaders (as uitgangspunt) verteenwoordig, „huweliken . . . aan de Kaap gesloten en waarbij òf de man, òf de vrouw, òf beide van Europeesche geboorte waren” (t.a.p., bl. 14). Die gegewens is, nou dat daar al ’n gevestigde burgery is, nie langer ’n goeie deursneebeeld van die *bele* samelewing nie. Huwelike wat tussen *afstammeling*e van vroeëre stamvaders gesluit is, is nie hierin opgeteken nie.

Wat die syfers dan wel skyn te sê, is dat onder die nuwe stamouers sedert 1687 dié van Nederlandse bloed relatief agter raak, dat daar *na verhouding* minder vrugbare Nederlandse intrekke is, en dus dat die versterking van die Nederlandse gedagte en taal deur direkte invoer, deur eerste-handse kontak, afneem, terwyl daarmee die verkaepsing van die burgerstand in die hand gewerk word.

(ii) *Duitse element.*

~~Baie van die nuwe stamvaders is hier met Kaapse~~ blanke moeders getroud. So het uit die 207 stamvaders van 1688—1708 nie minder as 89 of 42% vir hulle vrouens gevat wat hier gebore is nie. Dié moeders het onderhouers en bewaarders geword van wat hier al gebruiklik was. Hulle is hier gebore en getoë tydens die eerste geslag toe gebore Nederlanders nog met 3 teen 1 in die meerderheid was en byna al die moeders van Nederlandse bloede was, m.a.w. hulle versterk die Nederlands-Kaapse tradisie. Dit toon aan hoe die persentasies slegs heel betreklike waarde het, soos ook op ’n ander manier verduidelik kan word. Die Duitse stamvaders vorm ’n kwart van die totaal tussen 1688—1708, maar daar is in die tyd net 2 Duitse stammoeders, die een getroud met ’n Nederlander, die ander met ’n Duitser. Dit beteken dat die 50 Duitse stamvaders op een enkele uitsondering na met ’n nie-Duitse vrou getroud is en derhalwe geen *Duitse*

huisgesinne gestig het nie, of anders uitgedruk, dat hulle des te makliker in die heersende landsgebruik en -taal kon geabsorbeer raak. Daarby kom 'n groot persentasie van die Duitsers uit aangrensende gebiede wat vandag wel geografies Duits is maar toe in taal en kultuur nouer by Nederlands aangesluit het. Die 24% Duitse vaders het dus nie 24% Duitse invloed uitgeoefen nie — intendeel, dit was heel miniem. En daarom het die algemene aanwas van slegs 'n 40% onder die nuwe stamouers van Nederlandse bloede in hierdie tyd wel 'n groot agteruitgang in die verhouding van Nederlandse mensekrag beteken, maar nie noodwendig 'n groot agteruitgang in Nederlandse taal- en kultuurkrag nie.

(iii) *Franse element.*

Oor die ander groot nie-Nederlandse persentasie, die Franse, moet iets meer gesê word.

Hulle vorm as koloniste in vele opsigte 'n teenstelling met die Duitsers. Nie as enkelinge en dus nasionaal verbrokkel het hulle oor 'n lang periode in 'n haas ononderbroke stroom gekom nie, maar nagenoeg as 'n groep, en omtrent ineens (op kleinere klompies na byna almal in 1687 en 1688 uit Nederland), sodat hulle 'n eenheid kon uitmaak. Daarby het hulle merendeels as families gekom, mans en vrouens, en gesinsentiteite gevorm met ouerpare en kroos as bewaarders van die eie taal en gebruike. Hulle kon desgewens die kring sluit. Bowendien was die Duitsers deur taalverwantskap makliker „verhollandsbaar,” meer gepredestineer om opslurpbaar te wees, as die Franse met hulle Romaanse taal. Wel het sommige Hugenote, uit Vlaandere afkomstig, soos die Du Pré's en De Savoye's (uit Gent), 'n kennis van Nederlands besit, en het ander deur verblyf in Nederland die landstaal daar enigszins magtig geraak — maar hulle wat dit goed beheers het, vorm die minderheid blykbaar en die uitsondering.

Die Hugenote was as groep aanvanklik prakties eentalig-Frans. En as Franse, die trotse draers van die beskawing wat destyds in Europa die toon aangegee het, was hulle nasionale selfrespek sterk en hulle volksgevoel

sels agressief, sodat hulle 'n innerlike krag besit het wat die Duitse intrekkers uit 'n verarmde en verskeurde gebied nog ontbeer het, 'n ander rede waarom die Duitsers hulle gevolglik nie kragtig verset het teen die proses om in 'n nuwe volksverband op te gaan nie; die Franse wel.

Verder het die Franse in ds. Pierre Simond 'n ware leier gehad, iemand wat vir hulle as voorspraak by die owerheid kon intree en in die omgang en as geestelike voorganger vir hulle tot stut en steun kon wees. Die Duitsers was „führerlos” en daarom ongeorganiseerd.

Ten slotte het die Flugtelingen vroeg in ons geskiedenis hierheen verhuis, direk na beëindiging van die eerste 30 jaar van die vryburgerskap, waardeur hulle onder bepaalde omstandighede, soos sal blyk, in die geleentheid gestel was om gedurende die vormingsjare meer te beteken as die Duitsers wat eers later in ruimer getalle geëmigreer het hierheen.

Om dit korter te stel: die Franse was, anders as die Duitsers maar net soos die Nederlanders, „Afrikaners” of Kapenaars, 'n aaneengeslote, bewuste groep. In werklikheid het hier twee kultuurkampe teenoor mekaar gestaan. Die Nederlandse eenheid was egter in alle opsigte die sterkste omdat hulle die regerende klas was, hulle taal die „hof-” en hooftaal, hulle getalle verreweg die grootste en hulleself bowendien gesteun deur o.a. die Duitsers en die „Afrikaners.” Die Hugenote het 'n 176 siele getel en op sy gunstigste het hulle nooit meer as 'n vyfde van die totale gevestigde „coloniers” uitmaak nie (Bosman, T.W.K. VI, 66; gewoonlik word dit op 'n sesde gestel, 150 uit 944).

- In die normale loop van sake moes die Franse gemeenskap dus uiteindelik waarskynlik verbrokkel geraak het en in die ander opgaan. Weens verskillende oorsake, soos oorloë met Frankryk, wou die owerhede die Franse egter gouer met die hoofelement laat saamsmelt om sodoende volkseenheid en onverdeelde trou te bewerkstellig.

Die ontfransing sou o.a. langs drie weë verkry word: (a) deur middel van deurmekaarwoning en ondertrouing — om watter rede plase aan die Hugenote toegeken is tussen die Nederlanders en „Afrikaners”; (b) deur ontmoediging van die gebruik van Frans as taal, en (c) deur vervanging van die goeie leierskap van ds. Simond wanneer die geleentheid hom mog voordoen.

Die Hugenote het gou teen die beleid van (a) in verset gekom en op 29 Jan. 1689 vra ds. Simond op hulle versoek aan die Goewerneur of hulle nie ter wille van hulle godsdiensoefening en die onderrig van hulle kinders bymekaar kon woon nie. Hy herhaal die versoek op 15 Junie 1689 en vra namens die Hugenote ook om 'n eie kerkraad op Drakenstein. 'n Eie gemeente kry hulle wel spoedig, maar die ander versoek word geweier. Op 29 Junie 1691 kon Simon van der Stel aan die Bewindhebbers berig: Die Franse is „meestentendeel an Drakenstein, en enige weinige an Stellenbosch en tussen duijtsche ingesetenen ingeplaatst, om daar door haar onse taal en seden te doen leeren, en de duijtsche natie in te lijven.” (*Die Huisgenoot* 27 Nov. 1925, art. van dr. J. L. M. Franken).

Deur dié middel is egter vereers nie te veel bereik nie. Die sensus van 1691 meld byvoorbeeld dat die getal van die vernaamste manlike inwoners van Drakenstein uit 34 „duijtsche” en 48 Franse bestaan het (*ibid.*, 27.11. 1925). In *De Fransche Hoek* was die Hugenoteplaaseienaars nie net in die meerderheid nie, maar het 'n klein kolonie gevorm (vergelyk die kaart in C. G. Botha: *Die Kaapse Hugenote*, 1939, teenoor bl. 150), net soos verder nog o.a. in Wagenmakersvlei. In 1707 was daar op Wellington dertien plase, *tien* daarvan het aan Hugenote behoort, en daarop was, na dr. Franken dit besyfer het (*ibid.*, 19 Jul. 1929), „elf Franse en ag Franse vrouens — sonder om die kinders saam te tel — in 'n klein gemeenskappie bymekaar . . . Geen wonder dat selfs die Hottentotte wat by hul gewerk het, in so 'n Franse omgewing hul taal geleer het nie . . .” (Vergelyk vir laasgenoemde bewering die bewyse in dr. Franken se

Huisgenoot-artikel van 16 Mei 1930 onder die opskrif: „Portugees en Frans in die mond van Hottentotte”).

Daar was dus vlekke waar die vermenging vereers moeilik sy voortgang kon hê; nogtans was die beleid oor die algemeen en op die lange duur goed, en die smid Daniel Hugod, deur sy beroep voortdurend in aanraking ook met die „duijtschers,” het hom sodanig met die landstaal moes en kon behelp dat hy later al kreupele briefies in Nederlands kon skrywe.

Met (c) het dit makliker gegaan. Reeds in 1691 pleit Simon van der Stel by die Here Majores vir die benoeming van 'n tweetalige leraar onder die Franse, 'n predikant wat — en dit is belangrik — „een gebooren ondersaat van haar ho: mo:” is. Toe ds. Pierre Simond in 1701 sy ontslag aanvra, herhaal W. A. van der Stel sy vader se versoek om 'n tweetalige geestelike te stuur, en as sodanig kom die 33-jarige ds. Beck uit Arnhem op Drakenstein aan in Mei 1702. Dr. Franken meen dat hy, 'n goeie instrument ten opsigte van die taalpolitiek van die Kompanjie, vroeg opgehou het om persona grata onder die Franse te wees. Sy instruksies was bowendien om slegs in Nederlands te preek, waaraan hy hom, met enige tydelike toegewinge, in hoofsaak gehou het. Ds. Beck het ongetwyfeld die byl aan die wortel gelê.

Wat (b) betref, die ontmoediging van die gebruik van die Franse taal, daarmee het dit stadiger gevorder om die doel te bereik. Onder die bestuur van die twee Van der Stels is wel verbasend veel uitgerig by wyse van voorbereiding vir die mortifikasie, maar die aanwysbare resultate was nog betreklik gering. Hoewel onderwysers (bv. Paul Roux) benoem is om aan die Hugenotekinders naas Frans ook Nederlands te leer, het die vernederlandsing baie langsaam plaasgevind. Ds. Beck kla in 1702 daaroor dat sy opdrag om slegs in Nederlands te preek, meebring dat hy so baie nie kan raak nie en sê dat twee-derdes van sy gemeentelede Frans is en sleg, dit is, so goed as geen, Nederlands verstaan nie, en dat hulle kinders in die katkisasie ook so ongeveer geen „Duijts” begryp nie. In Junie 1703 rig die Kerkraad van

Drakenstein 'n versoek aan die regering om hulle toe te staan om al om die veertien dae 'n kerkdiens in Frans te hê. Hulle motiveer dit, in die opsomming van prof. J. L. M. Franken (*Die Huisgenoot*, 14 Jan. 1927), soos volg:

„Die grootste gedeelte onder hulle verstaan geen Hollands nie, en nog minder 'n preek in dié taal. Hul woon ver uitmekaar oor 'n uitgestrektheid van meer as tien myl terwille van die weiding van hul vee. Daar woon maar min „Flamands” (so noem hulle die „Duitsers” altyd) onder hul. Hul is ver van die Kaap, veertien tot vyftien myl, die naastes twaalf, waar hul alleen kom om hul benodighede te koop. Daarom kry hul maar min kans om Hollands te leer. Al Hollands wat hul ken, is om die hoogsnodige dinge te vra, en selfs dan moet hul hul dikwels daarby van 'n tolk bedien.

„Van die 116 volwasse en getroude persone is daar maar net vyf-en-twintig wat genoeg Hollands verstaan om deur 'n preek in dié taal gestig te word, 'n aantal ander maar baie min, en die res verstaan gladenal niks nie. En dié wat verstaan, verstaan meer die afsonderlike woorde as die verband van wat gesê word . . .”

Miskien word die beeld ter wille van die krag van die argument effens te swart geskilder (sommige verstaan die woorde maar nie die verband nie!) en is daar meer begryplike patriotisme as realisme in die pleit; nogtans het veral die ouer geslag van die Franse in hierdie periode (wat met 1708 eindig) aan hulle taal verkleef gebly, was hulle, as groep geneem, nog omtrent eentalig-Frans, en kon daar dus weinig direkte of noemenswaardige invloed van hulle Frans op die Nederlands van die ander koloniste uitgegaan het. Die nie-Franse koloniste het geen Frans geken nie (op 'n paar uitsonderinge na, soos Tas), en die versoekskrif getuig inderdaad ook dat dit die Franse was wat hulle van tolke moes bedien. Die twee kultuurgroepe het gevolglik nog naas, maar veral teenoor mekaar gestaan, al was die kultuurbande van die Vlugtelinge besig om skiet te gee en slap te word; immers, 'n vyfde van die Hugenotelede van die Paarlse

gemeente kon 'n preek in die landstaal al met voordeel volg!

Dit na 'n twintig jaar hier, die tyd in Nederland nie bygereken nie! 'n Mens kom beswaarlik los van die indruk dat die Hugenote as bewuste groep nie 'n groot begeerte gekoester het om die landstaal aan te leer nie. Hulle wou graag hulle identiteit ongeskonde behou en het opslurping gevrees. In dié sin het hulle hulle begryplik vierkantig teen die beleid van die owerheid verset, ondanks die feit dat hulle vir materiële dinge by die Kompanjie, hulle heer en meester, diep in die skuld was (vrye oorvaart, voorskotte, plase in eiendom, ens.), sowel as vir hoëre waardes soos godsdiensvryheid en veiligheid teen vervolging. Daarom kan 'n mens hulle, om hulle in weerwil van alles nog skraps te sit, die eienskappe van groot sedelike moed nie ontsê nie. Simon van der Stel het hulle trouens al gekenmerk as „soo weinig rekkelik en redelik” (1691).

Het hulle opvoeding en stand miskien iets te doen met hierdie openbaring van krag? Prof. J. L. M. Franken het hulle „opgevoedheid” probeer bepaal, o.a. deur 'n ondersoek van hulle paar bewaarde briefies en ander geskriffies, en konkludeer na aanleiding daarvan: „Deur die bank is dit die ongeskoolde Frans van min of meer ongeletterde persone” (*Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* XVII (1939) 99.) 'n Ander maatstaf was die naamtekening; party kon hulle naam voluit teken, ander net met voorletters en vele glad nie. Prof. Franken het soveel hiervan bymekaar gemaak as hy kon en gee sy voorlopige bevinding as volg weer: „Die getalle . . . het betrekking op die oorspronklike Franse Vlughtelinge, mans en vrouens, wat hier geland het as emigrante of in diens van die Kompanjie. Tot dusver val onder die skryfkundiges 73 mans en 18 vrouens teenoor 58 en 21 wat deurgaans merke en voorletters sit, dus 'n verhouding van ongeveer 90 wat kon en 80 wat hoogwaarskynlik nie kon skryf nie . . . As die ondersoekinge op hierdie gebied eenmaal ten einde gevoer is, sal mens, glo ek, nie ver van die waarheid af wees met aan te neem dat by

die 45% van die oorspronklike Vlughtelinge nie kon skrywe nie . . ." (ald., 101).

'n Derde aanduiding is die beroepe wat hulle beoefen het, en hieroor sê prof. Franken (ald., 103): „Afgaande op die gegewens wat ons besit, kom ons tot die besluit dat die meerderheid van die Kaapse Hugenote behoort tot die klein boere- en werkende stand," hoewel daar ook oorspronklik hereboere onder hulle was.

Voordat hierdie feite waardevol kan word, moet ons weet hoe dit vergelyk met gegewens ten opsigte van die Nederlandse en ander intrekkers. Waarskynlik sal dit nie grootliks ten nadele van die nie-Franse elemente uitval nie, d.w.s. dat ons in die Vlughtelinge min of meer die deursnee-immigrant van die tyd in die genoemde opsigte van geleerdheid en stand moet sien. Wat egter vasstaan, dink my, is dat hierdie nog verarmde en dikwels hulpbehoewende Franse 'n indruk van meer as die gewone karakterkrag skep, vergeleke met ander nie-Nederlandse inkomelinge. In 1691, dus knap drie jaar na hulle aankoms in groot getalle, rig Simon van der Stel, waarskynlik teleurgestel in hulle voormanne se besliste verset, aan Here XVII 'n versoek om nie meer „franse cadets¹⁾ of persoonen van kwaliteit" na die Kaap te stuur nie, maar liewers „arbeidsame en vrome boeren waer onder de Nederlanders en hoogduijtschers bevonden zijn, an andere natien hier de loev af te steeken." Simon se seun en opvolger sal in 1699 hoofsaaklik dieselfde versoek herhaal. — Hoewel hier in die eerste instansie sprake van goeie landbouers is, sal dit onregstreeks, komende van die patriot Simon van der Stel, miskien tegelykertyd as 'n aanduiding opgevat kan word dat die Hoogduitsers assimileerbare koloniste is, anders as die Franse blykbaar.

(iv) *Nederlandse element.*

Ten slotte nog iets oor die Nederlanders self. Gedu-

¹⁾ Prof. Franken verklaar die terme uit 'n Franse woordeboek; *cadet* is: gentilhomme qui servait comme soldat et bientôt après comme bas-officier pour apprendre le métier; *homme de qualité*: un ancien gentilhomme d'une maison illustrée.

rende Van Riebeeck se verblyf hier was die verhouding onder die stamouers wat as vryburgers uit Nederland afkomstig was, soos volg: Noord- en Suid-Holland 58% (27 plus 31), Utrecht 15%, Overysse 7%, Gelderland 6%, Seeland 5% en die ander drie 9% tesaam. Vir die twee geslagte gedurende 1652 tot 1712 besyfer dr. Bosman (*Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* I 12) die verhouding van die stamouers ten opsigte van die vernaamste herkomsoorde soos volg: Noord- en Suid-Holland 73 (45 plus 28), Seeland 20, Utrecht 17. Sy tydperk hier val nie presies saam met myne nie (1662—1708), maar dit is onwaarskynlik dat dit aan die hoofstrekking veel verskil sal maak. Die basis, afgaande op die herkomsoord van die Nederlandse taalgrondleggers, bly dan, vir sover syfers 'n goeie aanduiding gee, nog steeds die twee oorheersende provinsies Holland, met Seeland en Utrecht daarby. In 1700 het 'n paar Seeuse families saam uitgekome (*Letters Despatched* 1695—1707, 242). Die aanwas deur immigrasie uit Nederland het gevolglik voortgegaan om die grondslag soos in Van Riebeeck se dae gelê, te verstewig, sodat daardie aangevange ontwikkeling onder die besondere omstandighede betreklik egalig en sonder geweldige inwendige steurnisse sy loop kon hê, d.w.s. sinryk en doelmatig word. Hoe hoër die frekwensie van taalfeite op grond van die aantal sprekers, des te groter natuurlik die bestaanskans, ceteris paribus.

§32. *Die Hottentotte.*

In hierdie betreklike lang periode van 46 jaar het baie en diepgrypende veranderinge hulle in die leefwyse van verskeie Hottentotse stamme voltrek as gevolg van die kontak met die blankes. Die meeste reeds gemelde redes vir aanraking het bly voortduur, soos veeruilhandel, die behoefte aan werkkragte en aan tolke.

Die veehandel was nog die onskuldigste en het die goeie uitwerking gehad dat die „donkere” binnelands al meer en meer ontdek word. Teen 1680 kom die blankes in beter kennis met die Hessekwas in die ooste; in 1682

en 1683 dring ekspedisies deur tot by die Grigrikwas en Namakwas in die noorde, in 1685 gevolg deur Van der Stel se ontdekkingsreis tot aan die Koperberge maar sonder om die Oranjerivier te bereik. Die stranding van die *Stavenisse* het tot gevolg nuwe inligting aangaande die Bantoe wat al aan die Kei was; in 1689 maak vaandrig Schrijver 'n landtog na die Inkwas. Karel V se sinspreuk *Plus oultre!* (Nog verder!) kon ook die motto van die Kaapse goewerneurs gewees het!

Op al hierdie en dergelike togte (bv. van Cruse in 1668 en Visser in 1676) is Hottentotte as drywers, helpers en tolke saamgeneem. Naas die kraal-Hottentotte is daar die makgemaaktes en ontstamdes by die burgers en die Kapenaars. Hulle het aanvanklik ligte werkies verrig soos boodskappe doen of kinders oppas — waarvoor die ouers hulle klonkies en kleinmeidjies laat inspan en self die voordeel getrek het. William Dampier wat die eerste keer amper twee maande lank aan die Kaap was, gee in sy *A New Voyage round the World . . .* (3de druk 1698) die volgende beskrywing hieroor vir 1691: „These of the Hottentots that live by the Dutch Town (d.i. Kaapstad) have their greatest subsistance from the Dutch, for there is one or more of them belonging to every House. These do all sorts of servile work, and there take their food and Grease. Three or four more of their nearest Relations sit at the Doors or near the Dutch House, waiting for the scraps and fragments that come from the Table; and if between meals the Dutch people have any occasion for them, to go on Errands, or the like, they are ready at command . . .”

Die vestiging van die stand van vryliede het die behoefte aan arbeidskragte laat toeneem, en waar die slawe te duur of te min was, is Hottentotte as werkvolk aangeloek. Oor die algemeen was hulle lui en onbetroubaar, maar die meide was as kinderoppasters en die mans as veewagters goed bruikbaar. Uiteindelik moes sommige verarmde Hottentotte uit nooddruf en uit eie beweging allerlei los werkies soek. „Detribalised Hottentots were steadily drawn into the lowest ranks of Western society;

they were not enslaved but, after the fever epidemic of 1687, they began to come forward readily to work in the harvest fields" (Walker 73). Adam Tas vertel ook hoe oesspanne van plaas tot plaas getrek het.

Weerstand teen die blankes se indringing was daar na die sluiting van vrede met die Gonjemans in 1677 nie meer nie, en orals waar die aanraking aktief was, het die stamlewe in die Boland verbrokkel. Die ontvangende party was die Hottentotte; dit was ook hulle wat, ondanks hulle geweldige getalsoorwig, die blankes se taal aangeleer het en nie andersom nie. Reisigers en opmerkers verseker ons herhaaldelik hoe vlug hierdie inlanders was om vreemde tale te verstaan. Eva het byvoorbeeld geleer om Nederlands „soo perfect bynae als een nederlantse dochter" te praat (deur dr. Hesseling uit *Kaapse Stukken* 1662 aangehaal, *Het Afrikaans* 15 voetnoot), en sy was blykbaar geen uitsondering nie. Toe Sara haar in 1671 uit liefdesverdriet opgehang het, was sy „ongevaer de 24 jaeren out" (dus gebore teen 1647) en het „van kintsgebeente, so bij Comps dienaren als vrijlieden verkeert." Sy het van die Hottentotse leefwyse „al gehelik" afstand gedoen en die leefwyse en landsaard van die blankes aangeneem en kon „onse nederduitsche en portugeesche tale promptelyk" praat. In hofverslae, veral van later tyd, word oor en oor gevalle genoem van Hottentotte wat die blankes se taal „promptelyk" kon praat.

In 1662 was die getal van hulle wat Nederlands so vlot soos Eva kon praat, ongetwyfeld nog klein... Dr. O. Dapper deel ons in sy *Naukeurige Beschryvinge der Afrikaensche Gewesten* ... gedruk in 1668, die een en ander hieroor mee. Hierdie Amsterdamse kompilator het o.a. gegewens van iemand uit die Kaap gekry, vermoedelik van G. F. Wreede, en op grond van interne bewyse meen dr. I. Schapera, die inleier en vertaler (VRV XIV 3, 4), dat dit betrekking het op toestande in 1662 en derhalwe van daardie tyd 'n beeld gee. Daar lees ons bv. dat „zommigen ook aen 't Fort de Duitsche tale *beginnen te begriipen*" (bl. 44). Effens later maak hy

die krale heelwat groter as hy sê: „*Alle of de meeste Hottentots, te weten, die dicht aen het Fort van goeder hope wonen . . . spreken door het dagbelix verkeren met d' onzen de Duitsche tale, gelijk eenigen, die by d'Engelschen in Bantam zijn geweest, wat gebroken Engelsch stamelen*” (ald., 72, my onderstreping). Uit dié verband blyk dit dat hulle nog maar krom en sukkelend praat. Theal vertel ons dat die 70 tot 80 Hottentotte in die Tafelvallei in 1666 al sover in Nederlands gevorder was dat 'n tussenpersoon nie meer nodig was nie¹). As op landreise tolke saamgevat moes word, kon hulle altyd hier gekry word.

Met die oog op die verkryging van 'n diakroniese beeld kan nou verwys word na dr. W. ten Rhyne se *Schediasma . . .*, gedruk in 1686. Hy was bykans vier weke in Oktober-November 1673 aan die Kaap (VRV. XIV 81) en teken bygevolg toestande van 'n tien jaar later as Dapper. Dr. I. Schapera som die betekenis van die werk soos volg op: „It shows how within twenty years from the foundation of the settlement the groups in its immediate vicinity had degenerated into mere hangers-on and followers of the Dutch, how tribal distinctions were being lost . . . and how only the more remote tribes still retained their original character . . .” (ald., 81). Wat die taal betref, sê Ten Rhyne (in die Engelse vertaling van die Latynse teks) dat daar na die lang tydsverloop sedert 1652 geen Nederlander is „who can converse perfectly with them. Those Hottentots, however, who have lived long in the neighbourhood of the Fort, adapt themselves to our countrymen, acquiring many Dutch terms, of which they modify the terminations. They end nearly all their borrowed words in -kom: as *tabaqkom*, tobacco; *kortom*, a little piece; *horom*, to hear, etc . . .” (153).

Van belang vir ons is vereers die duidelike antwoord

¹) J. Schreyer van 1669—1677 aan die Kaap, stel dit minder entoesiasies voor, aangesien hierdie Hottentotte „doch endlichen etliche wort aus steten Gebrauch fassen und begreifen” *Neue—Reisz: Beschreibung* 1681, bl. 20).

op 'n vraag: *onder mekaar praat die Kaapmans en Tabakdiewe en Watermans nog Hottentots*, maar dit is 'n verbrokkelende taal in sover dit deurspek is met Nederlandse woorde waaraan — blykbaar ongeag die rededeel — die merkteken *-om* gevoeg word, sodat dit miskien 'n ou suffiks is om leenwoorde mee aan te dui. Hierdie inboorlinge wat ook Nederlands kan brabbel, is dus tweetalig en selfs mengtalig. Die blankes ken Hottentots nie „perfecte” nie, wat, soos ons reeds weet, ongeveer beteken glad nie, maar hulle het darem 'n paar handelsewoorde aangeleer, waarvan Ten Rhyne ons 'n kort lysie verstrek (bl. 155-157) en wat benaminge insluit soos vir bees, skaap, perd, glas- en koperkrale. Ten Rhyne hoef ons egter nie as taalkundige te imponeer nie.

Twaalf jaar later (1685) is die hoë Adriaan van Rheede van Drakenstein, heer van Mijdrecht, aan die Kaap en reël verskeie sake in sy hoedanigheid as Kommissaris-Generaal van die Kompanjie. Hy lig ons ook met betrekking tot die Hottentotte en hulle taal in, maar betreur dit dat die kennis aangaande hulle so beperk en oppervlakkig is. Om hulle leefwyse goed te begryp en hulle gedagtes te peil, moet hulle deur vrae en antwoorde daartoe gebring word om alles mee te deel, maar „aen de Caeb *onder d'Ed. Compagnie*” is daar *niemand* wat hulle in hulle eie taal kan ondervra nie; hoe dit onder die burgers gesteld is, vertel hy ongelukkig nie.

Die Hottentotte weer, so berig hy, besit die vermoë om Nederlands duidelik en goed te praat, „daer het deselve niet en gebreekt aen bequaemheyt, sprekende alle woorden prompt uyt, sonder eenigh gebreck, indien men haer die wel voorseght, waer omtrent wel nodigh was wat meer agt geslagen wiert.” Dit word egter nie uitgebuit nie, immers, die Hottentotte tel Nederlands op en „(spreken) die op haer manieren seer krom en bij nae onverstandelijck . . .” (D. B. Bosman 18), wat waarskynlik beteken dat die uitspraak sleg en die taal krom is. Interessant is ook wat Johann Wilhelm Vogel uit ongeveer dieselfde tyd berig. Hierdie mynwerker was in 1679 en weer in 1688 aan die Kaap. In sy werk,

derde druk verskene in 1716 (*Zebenjäbrige Ost-Indianische Reisbeschreibung*) vertel hy dat „etliche wenige” Euro-peane wat lank in die land was en daagliks met die Hottentotte omgaan, „zur Noth” met hulle in hulle taal kan praat. (bl. 72).

In hoofsaak bevestig Van Rheede en Vogel die opinies van die vorige opmerkers en stem dit ooreen met wat Frikius uit 1680-86, Leguat uit 1688 en Kolbe ons uit die jare 1705 tot 1713 meedeel (bv. op I 416).

Soos in die geval van Wreede vroeër, verneem ons nou dat ds. Petrus Kalden van Kaapstad „mijn vlijt, tsedert mijn aanwesen, al aangewent (hebbe) om haar (die Hottentotse) taal mij ijgen te maken,” en hy wil graag vrygemaak word vir die studie met die oog op die vertaling van die Bybel in Hottentots, waarvan niks gekom het nie (Spoelstra *Bouwstoffen* I 37 en 57).

Teen die uitgang van ons periode (1708) moet ons ons die toestand waarskynlik so voorstel: Die proses van ontstamming het al ver gevorder in die gebiede waar die geel en blanke rasse nog saamgewoon het. Die inlanders het hulle oorspronklike handelswaarde verloor toe die vryliede self veeboere geword het en daarmee die veeruil onnodig geword het. Verarming het, ook om ander redes, ingetree en om in hulle onderhoud te voorsien, word hulle as werknemers die verleë party. Daarby is hulle sieletal aanmerklik uitgedun sedert verskeie stam-groepe na die vredesluiting in 1677 noordooswaarts weggetrek het om later by die Oranjerivier uit te kom (Korannas onder Eikomo). Ekonomies en numeriek verswak, het hulle kultureel verbrokkel, en aangesien die blankes hulle taal nie kon of wou aanleer nie, moes hulle as die nemende party die blankes se taal of tale (Nederlands, Frans) aanleer. Al verseker reisigers ons dat hulle taalbegaaf is en al lê sommige Evas en Saras inderdaad hiervan getuienis af, word van bevoegde sy nogtans telkens aangemerkt dat hulle as groep hulle Nederlands krom en onsuiver gebruik. Blykbaar is die krom Nederlands net 'n geleentheidstaal waarmee 'n mens in die hele Boland tereg kon kom, en praat hulle

onderling nog hulle eie taal. Dit is darem opmerklik hoedat die persoonsname meer en meer „duits” word, soos o.a. uit die hofverslae blyk.

Hoe het die Hottentot-Hollands gelyk?

Een van die oudste uit die skaarse voorbeelde is uit 1672, die jaar voor Ten Rhyne hier was. H. en Ocker Cornelisz. en G. J. Cloete lê 'n verklaring af aangaande Hottentotte wat hulle eers beroof en daarna bedreig het „met het seggen 't Za lustigh, duijtsman een woordt Calm, ons U Kelum, ofte op goet duijts, soo veel te seggen, Ingevalle wij ijts daar tegen quamen te spreken, ons de keel souden afsnijden . . .” (*Attestatien 1671-73*, p. 257, art. van Franken in *Die Huisgenoot* 9 Januarie 1931, 59).

Hier is naas 'n vroeë datering van die gebruik van die uitroep *sal!* die verskyning van die gewone inboorling-naam vir 'n blanke en die tipiese fleksie-uitgang by o.a. verba (*calm* of *kallum*, *kelum*), 'n paar egte kreolismes, te wete *duijtsman* wat in die enkelvoud staan maar in die meervoud bedoel is, 'n objektivorm wat in die plek van die onderwerpvorm verskyn (*ons* vir *wij*), 'n selfstandige naamwoord wat, in hierdie geval anders as in Afrikaans of Nederlands, as gewone werkwoord gebruik word (*kelum* vir keel afsny) en 'n wyse van sinsvorming waar alleen die kernwoorde voorkom, kaal gestroop van bind- en nuanseringswoorde. Hier is derhalwe, as geheel geneem, gewone gebroke Nederlands wat deur die aanhegting van *-um* by die verba 'n Hottentotse kleur ontvang het. Is *kallum* 'n inheemse woord, nou in Nama verlore, of dalk 'n toevallige indringer uit Herryse basiese voorraad Engels?

Ten Rhyne het reeds vertel hoe die Hottentotte hulle eie taal deurspek met die opname van 'n menigte Nederlandse woorde waaraan hulle *meestal* die uitgang *-om* toevoeg. Maar ons stel meer belang in die ander vorm, naamlik die soort Nederlands wat hulle in gesprek met die blankes gebruik. Hiervan gee Ten Rhyne ons ook voorbeelde. In hoofstuk XX aangaande die godsdienst bely 'n Hottentot dat hy glo as hy op die slagveld val, hy voor die Groot Kaptein in die hemel sal verskyn en

met mooi wit osse beloon sal word. Die Hottentot word met die dood gedreig en roep in gebroke Nederlands (waarskynlik trotserend) uit: „Dat is doet: Was makom? Duytsman altyt kallom: Ickè Hottentots doot makom: Mashy doot, Icke strack nae onse groote Kapiteyn toe, die man my soon witte Boeba geme.” Ten Rhyne vertaal dit vir ons in Latyn, en daarvolgens blyk die betekenis te wees: „Komaan! (letterlik seker: dit is goed!): Wat maak julle? (of miskien: watter saak maak dit?). Die witmense (let wel: dit is as *Belgae* die meervoud!) sê altyd: Ek sal die Hottentots doodmaak. Nou goed, maak dood! As ek sterf, sal ek reguit na ons Groot Kaptein gaan. Hy sal vir my wit osse gee.”

Dit is verkeerd om te maak of ons alles verstaan en elke afsonderlike woord en vorm korrek begryp. *Mashy* is waarskynlik nie *maskie* soos dr. Hesseling aanneem nie (104), en *kallom* nouliks die verouderde *kallen*, omdat sy behoud hier wel vreemd voorkom; en is *doet* wel 'n verbroude *goed* soos by dr. Hesseling, of bevat *geme* die futurum of *man*? Nogtans kan ons tog opmerk dat op hierdie stadium van die Hottentotte se „duyts” ten voordele van die „duytsman(ne)” nog 'n egte Hottentotse woord opgeneem is (*boeba*), dat verhottentotsing plaasvind van Nederlandse woorde in hulle uitspraak (bv. *soon* vir *schoon*, kyk Meinhof: *Lebrbuch der Nama-Sprache*, 1909, bl. 19, „das fehlende *sch* (wird) durch *s* . . . ersetzt;” *was* vir *wat*, ens.), en in vorm (*makom* en ander werkwoorde met die gewone suffiks; *geme* e.a.) en allerlei fleksiereduksies (*duytsman* vir mv.). Ons het hier, om kort te gaan, 'n egte verbasterde taalvorm. 'n Nederlander sou hierdie variant van sy taal seker met heelwat oefening en geduld moes leer begryp het. Klank, vorm en gees is egter so vreemd aan wat die blankes as medium van gesprek moes gebesig het, dat dit m.i. onmoontlik is om direkte invloed hiervan op die taal van die witmense geloofbaar te maak, d.w.s. as wat Ten Rhyne ons gegee het, verteenwoordigend is. En dit lyk amper so, te oordeel na wat ook Kolbe ons soms laat sien.

Peter Kolbe, 'n gebore Duitser, was van 1705 tot 1713 aan die Kaap, sedert 1710 as landdrossekretaris te Stellenbosch, sodat hy die landstaal toe al goed onder die knie moes gehad het. Na sy terugkeer in sy vaderland het hy die „huidige Kaap die Goeie Hoop,” of soos dit in Latyn heet: *Caput Bonae Spei Hodiernum*, in 1719 in Duits laat verskyn, 'n werk wat veel gelees en dikwels vertaal is — my verwysings is na die Nederlandse oorsetting van 1727. Daarin behandel hy ook die Hottentotte en hulle soort Nederlands, wat hy bestempel as *Hottentots-Hollandsch* (I 121), *gebroken Nederduitsch* (I 416, 491), *gebroken Hollandsch* (I 477, 502, 520), en waarvan hy vir sy Duitse lesers enige proewe gee. Aan die een kant is daar 'n Hottentot wat sê „Kamme niet verstaan” (I 504), d.w.s. „ik kan zulks niet verstaan,” en aan die ander kant is daar een wat so goed gepraat het as hy „ooit” gehoor het (I 528).

'n Paar van die voorbeeldsinne word oorgeskryf. Jakob van der Heiden het die Hottentotte, net soos trouens die vreemdes, aangemoedig om hom as Kobes aan te spreek. Op 'n keer het hy sy Hottentot onder die vuus gestee en van hom te hoor gekry:

(a) „Kobes ik jou ja 'k hemme versproken (waarskynlik 'n onbedoelde Germanisme), ik zoo lang zal by u blyven, tot jou Husing (verstaan: van wie Jakob die plaas gekoop het) de dubbeltjies betaalt hemme, gy 'k hemme een oorfyg gemme, is dat braa? Wagt om als gy de dubbeltjes betaalt hemme, ik ja strakjes voort lopum zoo. Dat is: Kobus ik heb u belooft om zoo lang in uw dienst te blyven, totdat gy Husing zoudet betaald hebben. Gy hebt my een oorvyg gegeven, is dat redelyk? Past maar op, zoo dra als gy het gelt zult hebben betaalt, zal ik wegloopen” (I 121).

(b). „Ons denkung ons altyd Baas, maar ons ja zienom, Duitsman meer Baas” (I 477).

(c). „Gy dit Beest fangum zoo, en nu dood maakum zoo, is dat braa, wagtum ons altermaal daar van loopum zoo,” dit is: „Zou gy het Beestje zoo vangen, en nu zoo

doden, is dat wel gedaan, ziet zoo gy het doet, lopen wy allen hene" (I 502).

(d). „Dat is Hottentots manier, die oud volk altyd zoo makum en daarom ons ook zoo makum" (I 520).

(e). „Vrouw, jou Tovergoeds bra bytum, dat is waar, maar jou Tovergoeds ook weer gezond makum, dat is ook waar. Ons Tovermanns, zeide hy verder, kame niet helpen, maar die Duits Tovervrouw ja bra, die kame helpe" — dit het hy as 'n bedanking bedoel (I 528).

(f) „Die volk ja denkum ons beesten, ha! ons zoo makum als de Honde? wat manier is dat? ons niet zoo, want het deugum niet" (II 30).

Oor die algemeen is die kennis van Nederlands aansienlik beter as by Ten Rhyne se „hangers-on" en word daar minder gehakkel, maar die gees en sinsbou bly nog wild. Verskeie punte val op, en daaruit kan die een en ander miskien aangestip word. Wat ons oor die gouste vang, is die reëlmatige gebruik van *ons* vir *wij*; dit is inderdaad 'n *hoof trek* van dié taalvorm. Eintlik is kasusvermenging in sy breër verband by die Hottentots-Hollandse pers. vnw. 'n kenmerk, bv. in (a) kom as gelykwaardig deurmekaar voor: *u*, *jou* en *gy* vir die 2e pers, met *jou* as nom. en geen *gy* daarnaas nie: daarteenoor egter *ik* as dat. (*gy ik gemme*), en geen *my(n)* nie.

'n Tweede hoof trek is die vervoeging met die suffiksale *-um* in alle getalle en persone (*ik lopum*, *gy fangum*, *bet deugum*, *ons makum*, *Tovergoeds bytum*), en verder die verbinding *bemme* of *kamme* plus verl. deelw. *Kamme* beteken nie *kan my* nie, maar slegs *kan* en *gemme* en *bemme* slegs *gee* en *bê*; by ww. met stamauslout *b*, *n* of *f* verskyn dus die uitgang *-me*. Hier is wel geen defleksie nie, maar tog is daar 'n algemene eenvormigheid in die vervoeging. Morfologies val hierby nog op die blykbare voorliefde vir *-s* as meervoudsuitgang (*tovergoeds*, *tovermanns*), hoewel die voorbeelde nog te min is vir 'n deugdelike gevolgtrekking; ook verskyn *die* talryk naas *de* en nooit *bet* as bepaalde lidwoord nie (*die oud volk*, *die goed*).

'n Derde hoof trek betref die sintaksis: dit is in die woordgroepe en die sinsbou dat ons oor die algemeen

merk hoe on-Nederlands die uitdrukingswyse nog is, byvoorbeeld in die uitblywing van die inversie (*daarom ons zoo makum; ons zoo makum als de Honde?*); in die armoede aan voegwoorde soos die eenvoudige *dat* (*ons sienom Duitsman meer Baas*) of aan hulp- en hoofwoorde (*ons altyd baas of ons niet zoo*). Die eienskappe en ellipse veroorsaak dat die sinsdele vir ons gevoel los langsmekaar opgestapel word, dat hulle nie geveer is nie maar stamp soos 'n skotskar oor klippe. Hierby pas die beperkte woordvoorraad wat lomphheid meebring.

'n Vierde vername kenmerk is die pogings om die bewerings te versterk deur die aanwending van modale woordjies, soos *ja* en *braa*. As laaste feit kan miskien genoem word dat die uitspraak van die woorde en die afsonderlike klanke aanmerklik beter is as by Ten Rhyne. Alles tesaam geneem, bly dit egter nog Hottentots-Hollands in gees, sinsbou en vervoeging, ondanks raakpunte met wat later Afrikaans gaan wees. *Dit is nog 'n ander idioom.*

Dr. Franken gee in die *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* VI 196-7 nog twee verdere voorbeelde uit argiefstukke, een uit 1706 (*ons sel jou kost geeven*) en een uit 1707 (*ons bet jouw tabak niet van doen*), en mnr. L. C. van Oordt (*Die Huisgenoot* 15 Mei 1936, bl. 27) voeg daar 'n derde by uit 1707 toe Gonnema en Grietjie, albei „van competenten ouderdom en goed nederduijts verstaande en spreekende,” in dieselfde saak gesê het: „Ons wil dat niet doen ons het jou tabak niet van doen.” Dit herbevestig die hoof trek van *ons* vir *wij* en lewer 'n nuwigheid op: *ons bet* (nie *bemme* nie), *wil* en *sel*, die umlautvorm vermoedelik van die blankes oorgeneem.

§33. Die Slawse.

Die kolonisasie van die gebied oorkant die Kaapse Vlakte het die behoefte aan arbeidskragte verskerp, meer bepaald onder die graan- en wynboere. Deur indiensneming van blankes as knegs of van soldate as pasgangers is ten dele hierin voorsien, maar hulle was te gering in getal — in 1662 was daar 54 knegs in diens by

vryburgers, in 1708 slegs 79. Die geleenthede om selfstandig te word, was so groot dat dit 'n soort van bywonerskap nog nie begunstig het nie. Die vrye Hottentotte was weer ongeneë om vaste swaar werk te doen, en so is na slawe-arbeid omgesien.

Die slawe in 1658 uit Guinea en Angola aangevoer, is reeds vermeld. In die tydperk 1662—1708 kom daar blykbaar nie meer negers uit die westelike binnelande van Afrika by nie, hoewel die toevoer nou eers reg toeneem. Die meeste slawe is nou afkomstig uit Madagaskar, Mauritius en Mosambiek, meer bepaaldelik uit eersgenoemde. Volgens gegewens deur Dehérain versamel, aangevul uit Leibbrandt (*Précis*) en Moodie (*Records*), gee dr. Bosman (bl. 56) die volgende staatjie (die jaartal 1691 verbeter tot 1699) ten opsigte van slawe uit Madagaskar gebring: in 1663 7; 1666 1; 1672 22; 1673 240; 1676 254; 1677 77; 1697 119; 1699 121; 1700 184; 1701 127; 1702 147 en 48; 1705 202; 1706 165; en 1707 69.

Die syfers moet met heelwat voorbehoud aanvaar word. Dehérain se syfers het betrekking op die aantal in daardie groot eiland *gekoop*, maar onderweg na die Kaap is bv. in die drie skeepsladings van 1676, 1701 en 1705 21, 30 en 37 onderskeidelik oorlede, d.w.s. 88 of ongeveer 15%. Trek ons veiligheidshalwe van die totaal vir dié tydperk (nl. 1783) 15% af, is uit Madagaskar alleen ruim 1,500 slawe ingebring. Aan slawe uit Madagaskar is die voorkeur gegee omdat hulle die goedkoopste was (ongeveer £3 stuk), omdat verskepingskoste laag was en omdat hulle sterk en handelbaarder was.

Op hierdie eiland het ál die rasse reeds een algemene taal gebesig, te wete Malagassi. So vroeg as 1603, en wel in wat gemeen word die tweede boek te wees wat oor Madagaskar handel (Houtman: *Spraek ende Woord-boeck in de Maleysche ende Madagaskarsche Talen*, Amsterdam), asook in Arthus se *Colloquia latino-maleyica et madagascaria*, Frankfort, van tien jaar later is opgemerk dat Malagassi 'n Polinesiese taal is. Latere ondersoekers soos Van der Tuuk (*Outlines of a Grammar of*

the Malagasy Language in *Journal of the Royal Asiatic Society*, 1860), Marre de Marin (*Grammaire malgache*, Parys, 1876), W. E. Cousins (*The Malagasy Language* in *Transactions of the Philological Society*, 1878) en verskeie ander het die vasstelling bevestig dat Malagassi verwant is aan die Indonesiese talegroep. Van 1673 af was daar dus aan die Kaap 'n steeds toenemende aantal slawe wat 'n vorm van 'n Oosterse taal gepraat het, hoewel, soos ons gesien het, die verwantskap met Maleis deur die tydsverloop uiters flou geword het, en dit prakties wildvreemde tale was.

Vir dié wat in Mauritius en Mosambiek aangewerf is, besit ek nog geen statistiek nie. Miskien moet ons aanneem dat die Masbiekernegers 'n Bantoetaal gepraat het en heel moontlik deur hulle kontak met die Portugese faktorye en negerye op en naby die eilandfort elementêre krom Portugees kon verstaan en ook brabbel. Die oudste fort op die eiland Mosambiek is reeds in 1508 gebou en deur handelaar en priester het die Portugese die geleentheid gekry om hulle taal 'n plek bo Kus-Arabies te laat verower.

Ook uit die Ooste is slawe in hierdie tyd regstreeks ingevoer. Dehérain (202) noem die aankoms in die Kaap van 39 uit Timor in 1673, van 93 uit Ceylon in 1677 (die res van die 190 was vir elders bestem), en van 61 in 1698. Dus reeds in die tyd toe die nedersetting nog net tot die Tafel- en Liesbeekvalleie beperk was, is al binne vier jaar 132 Oosterlinge as slawe hier aan wal gesit. Oor die herkomswoord van die 61 Oosterlinge uit 1698 word ons nie nader ingelig nie. Timor, waarvan die oostelike helfte vandag nog in Portugese besit is, val in die Indonesiese (Maleise) talegroep, maar Ceylon nie, sodat ons waarskynlik moet aanneem dat hulle *almal* gebroke Portugees geken of minstens verstaan het, en dat dié uit Timor nog bowendien onder mekaar Maleis gepraat het.

Die Oseaniese gedagte en gebruike is regstreeks deur 'n ander groep persone aangehelp — die politieke banne-linge. In 1667 het 'n paar na hierdie ballingsoord gekom

en daarna af en toe klein klompies of enkelinge, na dit wil voorkom; veral bekend is die geval van Sjeik Josef wat in 1694 hierheen verban is, vergesel van 49 geloofs-genote. As Mahommedane het hulle wel Arabies geken, behalwe sekerlik gebroke Portugees en, in die geval van diegene uit die Argipel, Maleis.

Aan tale was daar onder die slawe en bannelinge en vryverklaardes van ons tydsafbakening dan te hoor, ditsy as moedertaal, ditsy as geleentheidstaal, Malagassi as die belangrikste moedertaal met betrekking tot getal sprekers; Maleis as tweede in belangrikheid; negertale uit die westelike binnelande van Afrika en uit die ooste rondom Mosambiek; Arabies (waarskynlik heel beperk), en as die vernaamste geleentheidstale gebroke Portugees (wat hierheen saamgebring is) en gebroke Nederlands (wat hier aangeleer is). Oor laasgenoemde straks iets meer.

Dit stem vry goed ooreen met wat Valentyn ons aangaande die nie-blanke bevolking aan die Kaap meedeel. Hy was die eerste keer hier in 1685, die vierde en laaste keer in 1714. Die slawe en gekleurde ingesetenes dui hy soos volg aan: „Maleyers, Malabaaren, Cingaleezen (uit Ceylon), Javaanen, Macassaaren, Benjaanen, Amboineezen, Bandaneezen, Boegineezen, Chineezen, Madagascaaren, Angoleezen, inwoonders van Guinea, en van de Zoute eilanden, by welke (insluitende die blankes) men met de Nederduitze, Maleitze en Portugeesche taal kan te regt raaken . . .” (*Beschryvinge van de Kaap . . .* V ii 38). Valentyn kon ons dus nader inlig oor die baie herkomsoorde van die Oosterlinge uit Oseanië en Ceylon en hy vermeld ook Chinese.

Wanneer die slawe aan die Kaap afgelaai word, het die Kompanjie genoeg vir eie gebruik agtergehou, selfs nog oorgehou om aan Kompanjiesdienaars in bruikleen en as gedeeltelike vergoeding af te staan (tussen 1699 en 1705 was daar afwisselend 45 tot 98 op dié wyse uitbestee); die res is aan die vryburgers verkoop of verhuur.

Vereers wat die Kompanjieslawe betref. In 1685 was

pater Tachard aan die Kaap en hy sê (*Voyage*, 73) daar was toe omtrent 500 Kompanjieslawe. Na voltooiing van die dagtaak het hulle na die slawelosie gegaan waar hulle, mans, meide en kinders, deurmekaar gebly het. Op grond van die gerugte dat die slawe sleg versorg word, het baron Van Rheeде in Junie 1685 gaan kyk hoe dit in die losie lyk wanneer hulle laat van hulle werk op 'n koue, reënryge dag terugkeer. Dit beskryf hy in sy *private* dagboek, waaruit volg dat dit belangelose opmerkinge is. Prof. J. L. M. Franken druk die betrokke gedeelte oor in sy artikel *Die taal van die slawekinders . . .* (*Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* VI 21 e.v.), waaraan 'n paar sinsnedes ontleen word.

„Alhier op den tijt . . . vindt aldaar *veel kleyne kinderen, soo wit als swart, sprekende de Nederduyde Tale sonder eenigh onderscheyt . . .* Klyne witte kinderen te groot om van de moeders gedraege te worden, en te klijn om den troup bij koud en nat weer te volgen saten hier en daer op de beddingen als hoenders in een kot, de getrouwe, de ongetrouwe, soo klijne als aenkomende meyskens en houwbaer, gelyck oock de jongens, jongelingen en ongetroude mans lagen op de beddingen sonder eenigh verschil onder malkanderen, en leefden by gevolg als de beesten in 't honderd deselve noch jongh noch oudt quamen in kerk noch kluys, *leerden noch lesen noch schrijven*, veel min gebeden, noch wierden in de Christelijke religie onderwesen, selver die blanke kinderen, *die indisputabel van Christen vaders waren afgekomen* bleven ongedoopt . . .”

Van Rheeде, 'n besonder humane en groothartige mens, vind die toestand „onchristelyck en te strijden met den reputatie van de geheele natie en de goedertierende sorge (van) onse heeren en meesters . . .” Hy vaardig daarom instruksies uit om die wantoestande te verbeter en die slawekinders godsdienst- en taalonderrig te laat ontvang, sodat hulle uiteindelik vrygemaak kan word. „Tot dien eijnde is nu in dit selfde quartier opgerigt en ingevoert een School van alle kinderen beneden de 12 jaeren om daar onderwesen te worden in gebeden . . .

so meede leeren leesen, *ende de Nederduytsche Tale prompt te leeren spreek* . . .”

In sy bespreking van die sitaat wys prof. Franken daarop dat baron Van Rhee de Portugees goed kon praat (bv. met Tachard), dat hy hier as passiewe toelisteraar die kinders ongedwonge en vry onder mekaar en met hulle moeders *net* Nederlands hoor praat het en geen Portugees of Maleis nie; verder dat die kinders „noch lesen noch schrijven (leerden)” en hulle hulle Nederlands bygevolg van die slawe en slavinne self moes opgetel het, dus dat die Kompanjieslawe onder mekaar kenlik merendeels Nederlands moes gebesig het. As die volwassenes onder mekaar hoofsaaklik Portugees of Maleis gepraat het, sou dit die tale gewees het wat die kinders opgetel het, of dan sou minstens party dit opgetel het. Nou egter praat *almal* „soo wit als swart,” en „sonder eenigh onderscheyt,” sonder uitsondering, Nederlands. Ons word deur hierdie uitspraak *regstreeks* aangaande die taal van die kinders ingelig en bygevolg *onregstreeks* maar ewe duidelik oor die taal van die ander.

Onthou moet word dat: (a) in die losie groepvorming baie moontlik, selfs natuurlik moes gewees het waar 'n 500 slawe saamgebly het, sodat Masbiekers, Malgasse, Singalese, negers e.a. mekaar se geselskap as volksgenote kon soek en dus onderling die eie taal kon praat; maar dat: (b) die baie groepe ook verdeeldheid moes beteken het, sodat 'n algemene taal juis daardeur begunstig moes word. Dié algemene taal was hier in die kasarm duidelik Nederlands, anders het Van Rhee se belanglose, private vasstelling geen betekenis nie.

Hieruit volg dat, net soos in die geval van die Hottentotte, dit nie die blankes is wat die ander taal (tale) aanleer nie, maar die slawe wat Nederlands aanleer en praat.

Hiermee hang 'n ander belangrike feit saam, naamlik dat daar in die samelewing van die slawe reeds in 1685 'n *tradisie* moes bestaan het om Nederlands onder mekaar te gebruik. Dit moes die gevolg van die Kompanjie

se taalbeleid gewees het, en die Guinese en Angoolse negers van 1658 wat spesiaal Nederlands in die slaweskool moes leer, het waarskynlik die grondslag gelê. Dit stem dan ooreen met wat Van Riebeeck in 1662 in sy Memorie aan Wagenaar meegedeel het. 'n Maatskaplike tradisie is 'n tirannieke mag. Alle vreemde, nuwe slaweteenoor die gevestigdes altyd 'n kleine minderheid — het noodwendig vanself onder die mag van die mediumtradisie geraak en in hulle aanpassing het hulle vir hulle waarskynlik ook die slawe-Hollands gaandeweg toegeëien. Dit is dus goed moontlik — selfs heel waarskynlik — dat die slawe nagenoeg die hele periode kort na 1658 onder mekaar hoofsaaklik 'n vorm van Nederlands in hulle algemene omgang gepraat het. Oor die gebroke slawetaal deel ons later iets mee.

Ten slotte kan met betrekking tot die Kompanjieslawe nog een feit genoem word. Die kasarm is ingerig vir die huisvesting van 'n 500 slawe en dit lyk of die Kompanjie, altans van Simon van der Stel se tyd af, die losie omtrent vol gehou het. Kolbe wat van 1705—1713 aan die Kaap was, stel die getal teen omtrent die einde van ons periode op 600 (Bosman 55); Valentyn wat die getal self „op omtrent 600 stuks begroot” (bl. 180), kwoteer uit die offisiële verslag van die goewerneur Van Assenburgh aan goewerneur-generaal Johan van Hoorn en verstrek die volgende staat van slawe soos op 31 Augustus 1710: mans 127, vrouens 183, kinders 130, tesaam 440 koppe (ald., 145). Wat hier besonder opmerklik is, is die groot aantal slavinne, ongeveer 3 teen 2 slawe, terwyl die verhouding onder die burgerslawe ongeveer 1 op 6 is. Gestel dat die verhouding betreklik konstant was, dan moet die betekenis hiervan met die oog op die samelewing in die losie, op die handelsbelange (aanteelt) en die fornikasie-euwel in 'n hawestad wel opval. Soos sal blyk, was dit onder die vryburgers anders.

Dehérain (211) verstrek die volgende statistiek in verband met slawe in besit van die burgerlike bevolking (opskrifte vertaal):

Jaar	Mans	Vrou- ens	To- taal Vol- was- series	Slawe- kin- ders	To- taal Slawe	To- taal Vry- bur- gers	A.	B.	C.
1658	—	—	89	—	89	57	—	—	62
1687	230	44	274	96	310	573	84	16	35
1696	322	72	394	63	457	1121	82	18	29
1697	396	74	470	113	583	1102	84	16	35
1698	513	80	573	78	651	1124	86	14	37
1699	536	84	620	57	677	1142	86	14	37
1700	668	116	684	54	738	1308	83	17	36
1701	702	109	811	80	891	1245	87	13	42
1702	653	120	773	77	850	1442	84	16	37
1703	705	126	731	95	826	1563	83	17	35
1704	752	135	887	101	988	1590	85	15	38
1705	764	128	892	99	991	1659	86	14	37
1706	804	138	942	115	1057	1669	85	15	39
1707	841	149	990	117	1107	1641	85	15	40
1708	981	166	1147	151	1298	1723	86	15	43

Die laaste vyf kolomme is vir die oorsigtelikheid by Dehérain se staat gevoeg. Kolomme A en B verteenwoordig die persentasies van manlike en vroulike slawe uit die totaal volwassenes, en C druk die persentasies van burgerlike slawe (alle koppe) tot die totaal van slawe en burgerlike blankes uit.

In die eerste 30 jaar is die getal slawe verdrievoudig, in die 21 jaar daarop (die tydperk van uitbreiding) verviervoudig, of gedurende die hele periode van 1658 tot 1708 vertwaalfvoudig, terwyl die burgerbevolking in dieselfde tydperk dertig maal groter geword het. Die wasdom van die blanke bevolking was kerngesond deur die heilsame toename in vroue- en kinderpersentasies en in gesinseenhede, dié van hulle slawe nie. Die slavinne het taamlik konstant op 'n sesde (tussen 13% en 18%) van hulle volwassenes gebly, en behalwe in een jaar was daar telkens minder slawekinders as diensbare slavinne. Onder die slawe was daar haas geen sprake van 'n normale familielewes nie. Wel het party eienaars soms aan 'n slaaf 'n vaste meid gegee („hetgene men dan zijne slaven uittrouwen noemt,” C. Haafner: *Lotgevallen en Vroegere Zeereizen van J. Haafner*, bl. 79) om hulle

huisvas te maak, maar uit die aard van die getalsverhoudinge kon dit nie dikwels gebeur het nie, m.a.w. die disintegrerende mag in hulle lewe was sterk en die behoudende kragte omtrent afwesig. Die burgerlike slawebevolking het verder hoofsaaklik uit mans bestaan, en waar 'n eienaar dit kon bekostig om twee of meer aan te skaf, sou dit seker gewoonlik die geval gewees het dat hulle nie land- of taalgenote was nie. Dan het dit bygevolg aan 'n algemene verkeerstaal 'n groter houvas verleen. In die slawelosie het hulle voor die opveiling met die plaaslike lingua franca, te wete krom Nederlands, kennis gemaak, en dit lyk so goed as seker dat hulle dan op die verspreide plase in die reël as harde tuinarbeiders of as koks en huisbediendes dieselfde tradisie aangetref en help bestendig het.

Anders uitgedruk, as die algemene verkeerstaal onder die saamgehoekte Kompanjieslawe reeds krom Nederlands was, dan was die toestande en omstandighede soos uit bostaande geblyk het, sodanig dat die burgerslawe des te eerder Nederlands met hulle base en onder mekaar moes gepraat het. Met ander woorde, sowel ten opsigte van die moeder- as die geleentheidstale was die kennis en gebruik daarvan waarskynlik dieselfde onder die burger- as onder die Kompanjieslawe, sodat Malagassi en Maleis die moedertale van die meeste was, gebroke Portugees bekend was aan die Oosterlinge en miskien aan die Mosambiekers, en gebroke Nederlands die algemene verkeerstaal was van almal hier. Dit sluit die moontlikheid nie uit nie dat sommige vryburgers met die Oosterlinge Maleis-Portugees gepraat het of dat Oosterse slawe soms onder mekaar Maleis gepraat het. Hesseling gee hiervan 'n paar voorbeelde (ald. bl. 46-49).

Sydellingse bevestiging van die slawe se kennis van 'n vorm van die Nederlands kry ons, dink my, oortuigend uit 'n ander belangrike studie van prof. J. L. M. Franken: *Vertolking aan die Kaap in Maleis en Portugees (Die Huisgenoot 23 Mei 1930)*. Ons kry eers van 1672 af volledige notulering van die Kaapse kriminele sake; voor dié tyd was daar slegs kort opsommings. Al die

stukke van 1672—1772 het hy deurgesoek na inligting aangaande die gebruik van Nederlands, Maleis en Portugees in die slawemond wanneer hulle vir kriminele oortredings verhoor is. „By die groot meerderheid van getuienisse en ondervraginge van slawe is daar geen vermelding van vertolking nie,” sê hy, met ander woorde, kon hulle waarskynlik met Nederlands alleen tereg kom. „Wat ons die meeste getref het,” vervolg hy, „was die bykans totale afwesigheid van vertolking voor 1700 . . . In ieder geval is daar geen vermelding van vertolking by die vyftigtal wat ons gekry het voor 1790 (lees: 1700) nie,” hoewel ’n veertig van die vyftigtal betrekking op slawe uit die Ooste het, by name uit Voor-Indië. Die eerste geval kry hy eers in 1704. Prof. Franken stel die vraag of ons uit die feit dat van vertolking geen sprake is nie, moet aflei dat die notulering dalk nie presies was nie of miskien „moet aanneem dat al die slawe wat toe voor die Raad verskyn het, almal „reedelijk” of „goed” Nederduits geken het? Solank daar geen rede is om laasgemelde moontlikheid te betwyfel nie, lyk dit die natuurlikste en gee hierdie studie dan ’n bevestiging van die opvatting dat die slawe in hierdie periode, ditsy hulle in diens van die Kompanjie was, ditsy hulle op die plase by vryburgers gewerk het, Nederlands (in een of ander gebroke vorm) geken en waarskynlik meestal onder mekaar gepraat het.

Hoe het die slawe-Nederlands daar uitgesien? Die antwoord is al ’n paar keer vooruitgehoop deur dit as *krom* of *gebroke* te bestempel. Baron Van Rheeke laat dit as sodanig deurskemer waar hy sê dat die slawekinders in die skool moet leer „om de Nederduytsche Tale *prompt* te . . . spreken,” waaruit blyk dat hulle dit skeef en sleg moes gepraat het. Teen die einde van ons periode kla Kolbe dat die kindertug swak is en die meeste moeders die kleintjies aan die sorg van „slavinnen of Hottentottinnen” toevertrou en vervolg: „Het is niet te loochenen, dat eene zodanige Aja bequaam genoeg is, met de kinderen om te gaan, en dezelve na behoren op te passen; men kan ook niet ontkennen, dat dezelve goede

spraakmeesteressen zijn, om 't kind de moedertaal, of ten minsten de Portugeesche taal, die door gantsch Oost-Indië gemeen is, en als de hoofdtal in deze landen (*in hierdie lande wil sê, in Oos-Indië*) aangemerkt wordt, als met de moedermelk te doen inzuigen . . .

„Want behalven dat zij self *zeer elendig en gebroken Duitsch* of beter te zeggen, Hollandsch spreken, en niet in staat zijn, om dezelve aan 't kind te leren, *weshalven ook de kinderen alhier in den beginne zeer barmhertig Duitsch spreken*, bijna als de Franschen welke de Deutsche tale leren . . .” is hulle ook van inbors ongeskik as opvoeders van blanke kinders (t.a.p. II 317).

Die ondubbelsinnige verwysing na die aias as meide wat die kinders Portugees kan bybring, maak dit seker dat Kolbe hier nie in die eerste plaas of selfs in die geheel aan Hottentottinne dink nie, maar wel aan slavinne, van wie se Nederlands hy sê dat dit ellendig en gebroke is, soos dié van die kinders aan hulle sorg toevertrou „barmhertig” is.

Werklike voorbeelde van slawe-Nederlands besit ons vir die periode nog nie, behalwe miskien die geval van Anthony wat in 1706 aan 'n ander gedroste slaaf Ari tot antwoord gegee het: „*Ons soek kost hier, ons al gedaen wegloopen, ons denk jou ook soo,*” en later: „Kom laet ons dit huijs in de brand steeken waer op Ari soude gesegt hebben, ik heb geen vuur, die van Anthonij tot antwoord kreeg, *ons het vuur genoeg.*” Prof. J. L. M. Franken het die eerste die aandag hierop gevestig in 1928 (*Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* VI 152) en ag jaar later herinner mnr. L. C. van Oordt weer hieraan (*Die Huisgenoot*, 15 Mei 1936, bl. 27).

Die landdrosnotule, in die stereotipe regstaal van die dae gehou, gee ook die slawe se depositionsies (tweedehands verkry uit die mond van Jacob van der Heiden) in die gewone boektaal weer, maar daartussen word ewe onverhoeds twee tipiese sinnetjies ingevleg wat ons in die aanhaling hierbo gekursiveer het. Daarin val op eers en veral: (a) die gebruik van *ons* vir *wij*, blykbaar 'n besondere kenmerk van brabbel-Nederlands, ook onder

die Hottentotte; en saam hierby gaan die *jou* vir *jij*; (b) die gedeflekteerde werkwoordstam, ook in die meervoud (vgl. egter *ons . . . wegloopen*); en (c) egte kreolismes in: *ons al gedaen wegloopen* vir: *ons* het al klaar wegge-loop, en die *jou* en *so* in: *ons denk jou ook soo*. Minstens een ander noodsaaklike kenmerk kom nie hier uit nie: die aanwending van Maleise en Portugese woorde in die krom Nederlands van die slawe, woorde soos *maskie, sieur*.

Hierdie twee sinnetjies is te min om daaruit bevredigende gevolge te kan trek; tog mag ons hier seker ook, soos in die geval van die krom Nederlands van die Hottentotte, wel vasstel dat afgesien van die geval van *ons* (nom.) en die gedeflekteerde werkwoordstam daar niks buiten die woorde is wat *met Afrikaans* van later ooreenkoms vertoon nie en dat ook die gees en wyse van brabbeling dit onmoontlik maak om hierin die voorvorm van Afrikaans te sien.

§34. *Taalsimbiose en die rol van die kind.*

Verskillende tale was in hierdie periode aan die Kaap byeen. Valentyn het reeds op die bontheid van die slawebevolking gewys, en naas Hottentots noem hy verder die volgende Europese elemente op: „Nederlanders, Engelschen, Franschen, Hoogduitzers van allerley gewesten, Savoyaards, Italiaanen, Hungaaren” (ald., V ii 38). Hy dink hier ook aan die Kompanjiesdienaars. Kolbe brei hierop uit en noem veral die verskillende geweste waarvandaan Hoogduitzers gekom het (sitaaat volledig by Bosman 44-46).

Die hooftale, so lig Valentyn en Kolbe ons ook in, en dit het uit die samestelling van die bevolkingsgroepe ook reeds geblyk, is Nederlands, Maleis en Portugees. Onder almal, na ons genoegsaam kon vasgestel het, is *Nederlands die agressiewe en oorwinnende taal* onder blank en nie-blank, die taal met proseliterende uitwerking. Die Hottentotte en slawe probeer dit praat, laasgenoemde ook onder mekaar, en alle blankes in diens van die Kompanjie het dit noodwendig geken. Op 'n vreemdeling het stad

en Kasteel die indruk gewek dat hier net Nederlanders woon. So gee Schreyer sy eerste indrukke van die Kaap in 1672 weer deur te sê, hulle het „einen ansehnlichen Flecken erbauet, welcher von den Holländern bewohnet wird; das Casteel ist mit Holländischer Mannschafft besetzt . . .” (ald., bl. 26). Onder die vryburgers het Nederlands al, hoewel nog nie deurtastend nie, die stugge Franse tog sover gehad dat party dit wel al goed kon verstaan het.

Oor die kromtale is reeds die een en ander aangedui; hoe het dit met die Nederlands van die blankes gestaan? Dat die verkaapsing daarvan by wyse van noodsaaklike aanpassing al in Van Riebeeck se tyd sy loop gekry het, is genoem, en in hierdie tydperk het die proses voortgegaan. Dit het egter net die sfeer en geestesinhoud van sekere woorde geraak, nie die taalstruktuur en -vorm nie. Hieroor eers hoor ons by baron Van Rheede iets naders. Hy sê in 'n paragraaf oor die Hottentotte (vroeër gedeeltelik aangehaal) onder meer: „Hier is een gewoonten onder al ons volck dat lerende dese inlanders (d.i. die Hottentotte) de Nederduysche spraek en dat deselve die op haer manieren seer krom en bij nae onverstandelijck spreken, soo volgen de onze haer daer in nae, ja soodanigh de kinderen van onse Nederlanders haer dat mede aenwendende een gebroken spraek gefondeert werd die onmogelijck sal wesen nae de hand te verwinnen, veel min onder de Hottentots de Duydsche tale in te voeren, daer het deselve niet en gebreekt aen bequaemheyt, sprekende alle woorden prompt uyt . . .” (Bosman 18).

Die uitspraak is so belangrik veral om sy dateringswaarde, dat ons 'n oomblikkie hierby moet stilstaan. Baron Van Rheede is sekerlik 'n bevoegde beoordelaar aangaande wat goeie Nederlands is. En hier sê hy duidelik dat „al ons volck” taalneigings het wat hulle van die krom Nederlands van die inlanders kry. Ongelukkig is die bewering *te* algemeen en *te* vaag om werklik insiggewend te wees — want hoeveel taalkenmerke dek dit, een, twee of meer, soos *ons* vir *wij* bv., en wanneer,

byvoorbeeld in die onderlinge gesprek of by geleentehede *in gesprek met die inlanders*, en indien dit die eersgemelde geval is, geld dit ook vir gebore Nederlanders hier gevestig? Soos dit nou staan, wek sy uitspraak, nes 'n skinderstorie, eerder agterdog as wat dit onsnuttiginlig, is dit meer 'n gevaar as 'n hulp en mag dit ons nie oorhaastig laat wees om konklusies te trek nie.

Oor die kindertaal is hy beslister sonder om veel duideliker te wees. Blykbaar praat die kinders *onder mekaar en met die volwassenes* („dat mede aenwendende”) ook krom, anders hoe kan hulle dan die grondslag lê van 'n gebroke spraak onder die blankes? Nou lyk dit tog of hy te kenne wil gee dat die volwassenes *onderling* darem nie skeef praat nie, of in elk geval nie in dieselfde graad so krom soos die kinders nie — die kinders is mos die groot taalgevaar! Maar watter kinders: almal of net dié onder die sorg van die meide en in geselskap van die Hottentotse speelgenote, sê tot ag of tien jaar?

Kolbe het dit ook oor die invloed van die nie-blankes op die taal van die Europese kinders, maar hy gee sy feite skerper. Hy praat spesifiek van kinders aan die sorg van die aias toevertrou, sê tot ongeveer ses jaar. Hierdie kinders hoor die aias praat, „weshalven ook de kinderen alhier *in den beginne* zeer barmhartig Duitsch spreken.” Die woorde van belang is „in den beginne,” waaruit volg dat hulle later die gewoonte ontgroei om krom te praat, d.w.s. dat hulle soos die grootmense praat, oor wie se taal Kolbe nie aanmerkings maak nie.

Dit is presies verenigbaar met die algemene ervaring uit ons eie tyd, waarop dr. Bosman in 'n ander verband duidelik gewys het (bv. in *Afrikaans en Maleis-Portugees* 39-40). „Die meeste blanke, vaders, moeders en kinders (in die Oos-Vrystaatse distrikte grensende aan Basoetoland) ken Sesoetoe en praat dit daaglik met hulle „volk.” Dit kom dikwels voor dat kindertjies tot hulle vijfde of sesde jaar beter Sesoetoe as Afrikaans kan praat, soms uitsluitend Sesoetoe, en tog is daar in die vijftig jaar (lees: die laaste vyftig jaar tot ± 1916) geen mengeltaal,

of iets wat daarop lijk, ontstaan nie. Selfs het ek nog nooit onderskeid gehoor tussen mij eie Afrikaans, en die van mij vriende wat daar gebore en opgegroeï is nie, (en wat) as kinders net soveel of meer Sesoetoe as Afrikaans gepraat het, en vandaag nog net so tuis is in Sesoetoe as in Afrikaans . . ." (ald., 40).

Dieselfde verskynsel is nog daagliks in Natal waar te neem en vermoedelik in ander gebiede waar Bantoe en Afrikaans of Bantoe en Engels (mutatis mutandis) saamleef. Op die ouderdom van omstreeks ses jaar word die kind hom sosiaal bewus van die standsverskil tussen die vorme en hy sluit hom vanself in alle opsigte, ook in taalopsig, by sy groep aan, praat sy groep se taalvorm en vermy daarin in die omgang met sy mede-blankes die ander wyse van spreke konsekwent, presies soos 'n deeglik tweetalige persoon sy vorme uiteen hou.

Taal is geen natuurling nie; as psigologiese aktiwiteit, fisiologies geopenbaar en sosiologies gerig is dit aan ander as slegs logiese wette onderworpe; en as die kinders gebroke Nederlands praat, volg dit nie logies dat hulle as aankomende volwassenes hiermee sal volhou nie.

En dit is juis wat baron Van Rheeде blykbaar in gedagte het, naamlik dat hulle die kromtaal sal aankleef en as volwassenes eendag sal bestendig deur oordrag op hulle nakomelingskap. Dit moet in aanmerking geneem word dat die kommissaris-generaal, belas met die uitvoering van die beleid van die Kompanjie, hier as bekommerde *bervormer op 'n kort besoek* praat en waarskynlik sy beeld vir die toekoms te swart gearseer het — as waarskuwing. Daar moet egter nie getrag word om die wesentlike van sy bevinding weg te redeneer nie, net so min as ons in die ander uiterste wil verval; dit is immers hier net 'n poging om sy uitlating reg te waardeer.

As alles in aanmerking geneem word, moet ons die toestand geskep deur die saamwoning van verskeie tale, ten opsigte van Nederlands (waarom dit ons ten slotte te doen is) miskien so sien: (a) party praat goeie Nederlands; (b) party 'n gebroke vorm, en (c) party weer

vorms wat daartussenin lê. Persone in Nederland gebore of in Nederlandse huise hier getoë, ditsy hulle Kompanjiesdienaars was soos Willem en Frans van der Stel, ds. Kalden, Elsevier, Starrenburg, ditsy hulle vryburgers geword het soos Adam Tas, J. H. de Lange of Johannes Mostert, sal (a) verteenwoordig. Tot 1658 — die jaar van Van Rheeде se verslag — was hulle as enkele groep onder die blankes in die meerderheid en moes bepaald die toon aangegee het. Verteenwoordigers van (b) was die slawe, die Hottentotte en waarskynlik tot hulle vyfdesesde jaar sommige blanke kinders wat veel in geselskap van aias of nie-blanke speelmaats verkeer het. Oor (c) is ons nie voldoende ingelig nie, maar ons kan wellig aanneem dat dit meer bepaaldelik minder-goed aangepaste vreemdelinge behels, sowel onder die besetting as onder die vryburgers, asook „Afrikanertjies” hier gebore uit ouers wat nie albei regstreeks Nederlanders is nie. Hierdie groep sal numeriek en ook andersins geleidelik die oorhand verkry, maar dit sal hoofsaaklik eers in die volgende periode gebeur (agtiende eeu), hoewel hulle reeds teen 1708, die einde van ons huidige tydperk, die ander *in getalle* verbygestreef het, indien dan nog nie in ander opsigte nie.

Voorbeelde van vreemdelinge-Nederlands is betreklik skaars. Prof. J. L. M. Franken, op soek na „gedeflekterde vorme in die taal van die blanke van die tyd” — tot omstreeks 1700 en kort daarna —, kon net een noem (daar sal seker meer wees), en wel ’n briefie van Jean du Pre onder datum 2 September 1671, waaruit die volgende aangehaal word: „Alsoo de Heer commandeur Hackius mij *beft* gelieft t (lees: te) *belast* den 29 August passato dat Ick en memoire *souden stel* wat voor sort van huden dater van Batt^a moust *ontbieden* worden . . . Om reden dat hier winghen (lees: weinigen) huden *val* . . .” (*Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* VI 200).

Dit is onmoontlik om in hierdie brief Afrikaans te sien op grond van die vorme in die onderstreepte woorde. Dit bring ’n belangrike vraag opnuut na vore: waar lê die grens tussen, eerstens, die gebroke Nederlands van

byvoorbeeld die slawe en Afrikaans, en tweedens, tussen (onbeholpe) vreemdelinge-Nederlands en Afrikaans? Voorlopig stel ek dit as my standpunt: om 'n stuk as Afrikaans te bestempel, mag ons seker met reg verwag dat dit meer as net een of twee *moontlik toevallige ooreenkomste* moet vertoon; dit moet byvoorbeeld minstens oorhel na Afrikaanse kant toe, dus *meer Afrikaans wees as iets anders*, die woord Afrikaans telkens gebruik as die taal van meer gevestigde blanke sprekers.

Nóg uit die voorbeelde, nóg uit die geskiedenis en uitsprake soos dit deur my begryp word, is dit op grond van die tot dusver beskikbare feite aanneemlik te maak dat die Nederlandse taal van die blankes teen 1708 iets het wat as geheel of in hoofsaak as Afrikaans aangemerkt kan word. Ons kan, dink my, nouliks veel verder gaan as om van die Kaapse koloniale Nederlands te praat. Dit is dus nog in hoofsaak 'n voortsetting van 'n tradisie reeds in Van Riebeeck se tyd gelê, alleen met veel sterker verbrokkelende magte aan die werk en wat aansienlik verder op die weg van kolonialisasie gevorder het. Oor laasgenoemde gedagte nog 'n paar aanduidings.

§35. *Plek- en plaasname.*

Kompanjiesdienaars, insluitende die landvoogde, en vryburgers het almal fluks meegedoen aan die verskaffing van name. Op landtogte verneem ons voortdurend dat hierdie of daardie plek deur die geselskap vernoem is; soms het die naam gebly (veral van belangrike plekke), gewoonlik is dit weer verdring. In 1682 het Oloff Bergh se ekspedisie bv. drie nuwe name aan die lys toegevoeg (*Dassen bergs Fontein*, VRV XII 98; *Graspleijn* 124; *Groenedoornbos Rivier* 124); Simon van der Stel se tog van 1685 ses nuwes (*De Kraal*, Valentyn V ii 58b; *Elandskraal* 59a; *St. Martyns Valey* 59b; *Doolbofsboek* 60a; *Goede Hoop* 64a; *Keert Weder* 67a); en in die verslag van Isaac Schrijver se reis verneem ons veertien keer dat hulle 'n plek gedoop het, drie van die name vandag nog bekend (*Drooge Revier* — distrik Swellendam, uit Hottentots *Xbaerup*, d.i. *Karoo*; *Lange Kloov*

en (*Steek*)doorns Rivier, uit Hottentots *Kaukou*). Gewoonlik was die nuwe name van Schrijver se groep darem oorspronklikes, veral topografies soos *Kromme rivier* (VRV XII 219); poëties soos *Vervallen Casteel* (236)-nou Camdeboo; of staan in verband met 'n gebeurtenis soos *Regtplaats* waar die Hottentotkaptein 'n veedief met keries laat doodslaan het (248); of dit openbaar 'n sin vir gesonde humor, bv. *Noorwegen*, omdat die wind daar so koud gewaai het (244).

Ons moet ons die wyse van naamgewing van plekke miskien as volg voorstel: die belangrikste plekke het reeds Hottentotname gehad voor die koms van die witmense. Veral vanweë hulle totale onkunde van Hottentots het die blankes hulle in die begin, soos in Van Riebeeck se tyd, glad nie hieraan gesteur nie. Maar met die winning van 'n elementêre kennis van die inlanders se taal was die blankes later deeglik bewus van hierdie name en die toepaslikheid van sommige daarvan. Hulle het daarmee begin rekening hou. So merk ons op dat na mate Schrijver se geselskap dieper ooswaarts vorder, hy gereeld die inlandse name uitvind en aangee, meestal met 'n vertaling daarby. Dit doen ook Starrenburg in 1705 en veral Hartogh in 1707. Daardie Hottentotname kan nou in Khoisanvorm behoue bly, soos *Gouritz-rivier* in hierdie tydperk, of in Nederlandse vertaling ewe onskuldig voortlewe soas *Droë-* en *Doringrivier* reeds genoem, of soos *Bot-*, *Swart-* en *Vetriviere*.

Botrivier is by Schrijver in 1689 *Botte Rivier* (210), by Ten Rhyne in 1686 gelatiniseer as *Butyro-sum*, by Bergh in 1682 *Booter Rivier* en in die *Dagregister* van 1672 *Boter rivier*. Hartogh vertel ons in 1707 dat sy Hottentotse naam *Gouga* is, *gou* beteken vet, botter, en *xa* is die byvoeglike uitgang, (VRV XII 34 en 210). *Vetrivier* (Riversdal) was ook oorspronklik bekend as *Gouga* (246) en *Swarte Rivier* (so by Schrijver) is 'n letterlike vertaling van *Doggha Kamma* by Hartogh (210), eweso *Steenbokrivier* (distrik Caledon) uit *Gam Dachama*: *gam* = rivier, water, *Dachama* = steenbokke (Hartogh).

Nie altyd het die inlandse naam, ofskoon welbekend, invloed gehad nie. Van der Stel se ekspedisie het byvoorbeeld by 'n plek *Sandrivier* (vandag *Verlorenvleirivier*) uitgekom, in Namakwa *Tousse* genoem. „Deze . . . bekomt haaren naam van 2 buffels, die sy Touse noemen, en die door hen in de zelve gevonden zyn; zoo dat haare regte naam de Buffelsrivier zou wezen” (Valentyn 81b). Die bekende *Buffelsrivier* (Oos-Londen) het sy naam in die volgende tydperk gekry en is self 'n letterlike vertaling uit Khoisan.

Kom ons by die Europeaan se administratiewe grondverdeling in distrikte, dorpe en plase, dan sal die inlandse naam dit selde dek en is in die naamgewing hier geen spanning nie, waaruit volg dat eie inisiatief in die spel tree. Soms is dit egter eerder passief wanneer 'n Europese naam eenvoudig oorgedra word. Die Franse Vlughtelinge was lief om hulle woon- of geboorteplekke so te gedenk: *Artois, Burgogne, Cabrière, Calais, Champagne, Dauphiné, La Motte, Normandie, Paris, Picardie* ens.

Ook vir mense is deur pleksbenoeming monumente gestel. In *Simonsbaai, Simonstad* en *Stellenbosch* het Simon homself, as goeie diplomaat in *Drakenstein* die verwagte baron Van Rheede, as goeie ridder in *Constantia* sy vrou vereer. In *Lekkerwyn* (reeds so in 1696) skuil die persoonsnaam *Lecrévent* of *Lescrevain*.

Aktiewer is die taalskepping in topografiese benaminge — wat 'n groot aantal behels en later dikwels tot verwarring aanleiding sal gee. Verteenwoordigende voorbeelde is *Hout Hoek*, of *Houw Hoek, Koperbergen, Moddergat, Palmietrivier, Roode Zand*. Besonder vrugbaar is die motief wat voorvalle vaslê (*Bange Hoek*, „alzo 't den genen, die hier 's nachts over en voorby moet, bang genoeg valt, wegens zekere gevaarlyke steilte . . .” en omdat die reuk van wilde diere perde laat skrik en die ruiters afgooi, Valentyn 35b; *Doolbofsboek*, ibid. 60a; *de Fransche Hoek; Piketberg* waar Goske 'n wag teen die Hottentot-oorvalle in die oorlog met Gonnema geplaas het, ens.) Veral gewild was daardie voorvalle wat in verband met diere staan (*Baviaansberg; Elandskraal* „om

reden dat de voorsz. Eland daar geschoten was" ,Valentyn 59a; *Mosselbanksrivier* 55a; *Zeekoejen-valey* 33a). Die voor-die-hand-liggende verklaring is darem nie altyd die juiste nie, soos in die geval van *Paardenberg* naby Kaapstad. Aangesien dit sy naam gekry het van „de menigte wilde paarden, die zich daar op onthouden" (Valentyn 34b), sou *Kwaaggaberg* meer in ooreenstemming met die huidige taalgebruik gewees het. Volgens Valentyn dank *Tygerbergen* (*Tierberg*) sy naam nie aan tiers wat daar gevind is nie, maar aan „zekere donkere of bruine vlekken, die de zelve van alle andere bergen daar onderscheiden, en die 'er door den mist der herten op gemaakt worden, die dat land ook vet maaken" (11b), hoewel Hoffmann, skrywende oor 1672 en dus veel nader aan die dooptyd as Valentyn, ons verseker dat die berg so genoem is „so wohl ihrer Figur als darauff befindlichen Thiere halber" (25), dus om twee heeltemal ander redes!

Verskillende ander motiewe kom by die naamgewing nog te pas, waarvan ons ten slotte nog drie noem: godsdienstigheid (*Bethlehem*, *Berg Sinai*); wrange humor (*Goede Hoop*, omdat hulle in 1685 hier water gevind het, die ander nog nooit, Valentyn 64a); en sentimentele en idealistiese gevoelens (*Lange Rust*, *Lustig Aan*, *Rust en Werk*, *Vredenhust*, *Wellevreden*, *Zoete Inval*).

Ewe interessant is dit om te let op die samestellings. Reeds in hierdie periode is die oorgrote meerderheid van alle name samestellings met die slotelement gewoonlik een van die volgende: *-bank*, *-berg*, *-bosch*, *-dal*, *-(door)-drift*, *-duin*, *-fontein*, *-gat*, *-beuwel*, *-boek*, *-bof*, *-jagt*, *-klip*, *-kloof*, *-kop*, *-kraal*, *-kuil*, *-plaats*, *-rivier*, *-rug*, *-spruit*, *-stede*, *-vallei*, *-veld*, *-vliet*, *-zicht*.

Slegs 'n paar hiervan het in later tye weinig of glad nie meer voorgekom nie (*-bof*, *-vliet*, *-zicht*), en ons mis nog *-laagte/leegte*, *-nek*, *-pan*, *-pas*, *-poort*, *-vlakke* e.d. Walker, wie se lys van eiendomsplase van hierdie tyd ek geraadpleeg het (*Historical Atlas* 8-10), gee Barentse se plaas in die Paarl-distrik aan as *Dekkers Vlei*; in alle ander gevalle verskyn die woord nog in sy vol vorm (*vallei*). Die beskrywende woorde vooraan het meestal betrekking op die aard

en ligging van die bodem, sy uitgestrektheid en die vorm en kleur van die dinge.

Om die drade saam te trek: ons het hier al 'n verrassende beeld van die hele aktiwiteit van naamgewing in ons land ten opsigte van plekke en plase. Die grondslag is gelê en daar sal weinig nuuts in motief, elemente en bindingswyse aan toegevoeg gaan word.

§36. *Name van plante en diere.*

Die gebruik van name onder hierdie hoof en wat in hierdie tydperk opgekom het, was soms onvas en is blykbaar party keer op verskillende soorte van 'n voorwerp toegepas (*bottentotbrood*) of het in 'n paar gevalle op 'n ander voorwerp oorgegaan (*bobbejaankers*). Hoewel verskillende name weer in onbruik geraak het (*bottentotblare*; *kliphous* — 'n seeslak; *kliproos* — 'n see-anemoon; *wifoog* — 'n vis), het die meeste tog tot vandag toe, soms net in 'n beperkte gebied, hulle oorspronklike inhoud en gebruik bly behou.

Dr. J. du P. Scholtz noem in sy meergemelde oorsig in verband met die plantewêreld (bl. 29-38) o.m. die volgende nuwe Afrikaanse plantname wat hy vir hierdie tydperk opgeteken gevind het (weergegee in die moderne spelling): *assegaaihout* (waarvan die Hottentotte assegaaië gemaak het), *doringboom*, *lepelhout* (waaruit o.a. lepels gemaak is), *renosterbos* (waarin renosters gehou het en/of wat hulle graag gevreet het), *spekboom*, *swartbasboom*, *vaderlandsriet*, *waboom*. In Schrijver se reisberig verskyn die pleknaam *Dubbeltjes Coral*, waaruit die bestaan van die naam *dubbeltjies* wel blyk. Gebruik (*waboom*), verband (*renosterbos*), komparatiewe oordrag (*vaderlandsriet*) en beskrywing (*doringboom*) is die kragte wat by die naamgewing hier veral in funksie tree, terwyl dit in die geval van diere meer bepaald beskrywend is. Uit die dierewêreld is daar (weer met dr. Scholtz as die gids) o.a.: *blindevlieg*, *bloubok*, *bontbok*, *drilvis*, *duiker*, *geelbekeend*, *grysbok*, *bottentotvis*, *klipspringer*, *roman* (uit *rodeman*), *rooibekkie*, *rooikat*, *tierboskat*, *tierwolf*, dus name vir soogdiere, waaronder antilope; seediere, waaronder

visse; voëls en 'n insek. By die beskrywing speel kleur en geaardheid 'n vername rol, terwyl die verband ook aktief bly (*bottentotvis*).

§37. *Verskuiwings in betekenisinhoud en gevoelswaarde, en konsolidasie.*

Die teenstellings het natuurlik verskillende woorde se betekenis-kontoere afgeteken, maar hierin het dikwels verskuiwings ingetree. Een teenstelling was Europeaan en inboorling. Die inlanders het vir die blankes verskillende name gehad, waaronder die ontleende *dui(t)smān* die gewoonste was, en die witman het die nie-blanke aangedui as *Hottentot*, die algemeenste in omloop, *Kaffer*, *Afrikaner*, ens.

Ook *Kaffer* in dié sin is oud. Hondius verwys na 'n ou bron en sê o.m. „Caffraria heeft desen naam bekomen van weggen het volk, om dat sy sonder Wet ofte Godsdiens leven; en dieshalven Caffres ofte Cafres heeten, ende het Land naar haar Caffraria . . . ende by Marmol genaamd Quefrerie.” Hier het die Arabiese woord (na gemeen word) sy betekenis van ongelowige. In die titel van sy hoofstuk pas Dapper dit skerper op die Hottentotte toe: „Kaffrarie of Lant der Kaffers, anders Hottentots genaemt.” Nogtans was party Europeane hier al vry vroeg, ofskoon vaag, bewus van die kontras Khoisan-Xhosa. Van Riebeeck vertel onder datum 16 Desember 1660 dat Herry die Chabonas beskryf as *swart kaffers*, net soos die Angoolse en Guinese slawe; Dapper en ander praat ook oor hulle, dog as 'n afdeling van die Hottentotte. Die skeiding bly derhalwe dynsig, selfs nadat 'n klompie blanke koloniste in 1702 vir die eerste keer in aanraking en slaags was met die „Chabukwas,” genoem die „Grootte Caffers,” (VRV XIV 29n). Van nou af egter word die onderskeiding by party presieser, byvoorbeeld by Kolbe I 478a lees ons van „Terra de Natal . . ., alwaar de Caffers een begin nemen.” Valentyn 103a gebruik nog die ou maatstaf en beweer dat die inlanders uit verskeie volkere bestaan, waarvan „de meeste maar wol op'thoofd hebben (en die men allen Kaffers

noemen) . . .” Wie gekroeste hare het, is dus vir hulle kaffers, maar die behoefte aan en die feit van verenging is reeds daar en sal al groter en algemener word, veral in die volgende tydvak¹).

Hoewel die term *Hottentot* aanvanklik ruim genoeg was om *Boesman* in te sluit as 'n onderafdeling, het die klaarblyklike opposisie *Hottentot-Boesman* 'n noukeuriger aanduiding van hierdie lelike mensies — deur Wintervogel as eerste blanke in 1655 ontmoet en sonder naam vermeld — noodsaaklik gemaak. In 1656 noem Van Riebeeck hulle op hulle *Hottentotse* naam *Soanqua* en vul dit tegelykertyd aan met hulle voorlopige Kaaps-Nederlandse toenaam van *Struyckrovers*, laasgenoemde vir 'n lang tyd taamlik algemeen in gebruik, ook al as volksnaam, bv. in die mededeling aan die goewerneur dat 'n boodskap aan hom met twee „struijk Rovers” gestuur is (aanhaling uit *Uitgaande Brieue* 1696—1698, ontleen aan 'n artikel van J. L. M. Franken oor *Boesman* in *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* XVI 77-88).

Hiernaas verskyn ook *Bosjesmans* en in 1685 lees ons van „de Sonquaas in de wandeling Bossiemans genaamt” (ald., 79). Die newevorm *Boesman* is nog nie voor 1752 gedokumenteer nie (L. C. van Oordt in *Die Huisgenoot* van 14 Maart 1941). Wat my opgeval het van die paar stukke wat ek onder oë gehad het, is dat die benaming *Bosjesmans* dit blykbaar op *Sonkwas* wen in die gevalle waar die berigte deur persone uit die binneland en uit burgerlike kringe opgestel is (vergelyk die *Joernale* van Simon van der Stel en Starrenburg of die *Dagboek* van Tas), waaruit miskien volg dat dié naam onder die burgerlikes al betreklik algemeen was.

Vir die blanke vreemdelinge, pas hier aan die Suidspits gevestig, was die *Hottentotte* die eintlike bewoners van

¹) As die ander gebruik van die woord soos deur Mentzel beskryf in ons periode ook al van toepassing was — en blykbaar was dit — dan het dit ook nog die betekenis gehad van slawe met ondergeskikte uitvoerende mag, bv. as hulp vir die geregsdiensars en skerpregters. Sulke slawe het 'n grys uniform gedra en 'n *palang* of swaar knuppel as bewys van hulle rang (VRV VI 124). Maar in die besondere teenstelling waarvan hierbo sprake is, kom dit nie te pas nie.

Afrika, en dat hulle dié volk ook met name in verband met Afrika (in adjektief- of nomenvorm) sou aangedui het, sowel in Nederlandse as Duitse geskrifte, behoef ons nie te verwonder nie. Prof. J. L. M. Franken skryf dienaangaande in *Die Huisgenoot* van 21 September 1928 na aanleiding van Hendrik Bibault: „In die sewentiende eeu word die woord wat voorkom in die vorm *Africaan* sowel as *Africaander* en *Africaaner*, in die Kaapse stukke uitsluitend gebruik in die sin van naturel of inlander.” Hiervan wil ek ’n voorbeeld gee. Oloff Bergh berig onder datum 15 September 1683 o.m.: „(Wij) stierden 2 man van ons blancken uijt met twee Afrijkaenders . . .” (VRV XII 154), en dat dit op inlanders betrekking het, blyk nie net uit die verband nie, maar eweseer uit die opskrif: „Dagregister van de landtocht . . . gedaan bij Oloff Bergh, wesende 42 blancke coppen, 10 Africanders . . .” (142), op die keersy vertaal met *Africans*. (*Afrikanerskaap* kan moontlik beter verklaar word as Hottentotskaap.”²).

Nou het dit prof. Franken geluk om ’n geval uit 1707 op te diep waar ’n blanke jongman van 17, 18 jaar, die wettige seun en oudste kind van Diedelof Bibault en Willemijntjie Adriaanse uit Rotterdam, uit die huwelik hier gebore, in Stellenbosch, terwyl hy in die noute gedryf was, trotserend uitgeroep het: „K’ ben een Africaander.” Dit is die oudste bekende vindplaas van die woord *in die sin van ’n blanke* in teenstelling met Europeane van elders geboortig — landdros Starrenburg, teen wie Hendrik die woorde uitgeroep het, was ’n gebore Amsterdammer. In die *Contra-Deductie*, die verdedigingsgeskrif van die vryburgers teen W. A. van der Stel se aanklagte en gedruk in 1714 (sodat dit dus aan die drumpel van die *volgende* periode lê), verskyn op bl. 81 die verslag van ’n proses teen nege burgers. Daaruit o.a. ’n sinsnede: „. . . ondertusschen konde dit manifest zo wel hier aan de Caab als over al ten platten Lande aangeplakt, dezen negen gedaagdens (van welke zeer

²) ’n Vroeë beskrywing van ’n Hottentotskaap gee Vogel *Zelmijährige Beschreibung* . . . (3de druk, 1716, bl. 55).

aanmerkelyk is, dat drie van hen Hollanders, drie Franse Vlugtelingen, en drie Africanen waren . . .)” Die drie Afrikaners was Jan en Claas Elbertse en Jacobus van Brakel. (Feite ontleen aan twee artikels van prof. Franken in *Die Huisgenoot* van 6 Julie en 7 September 1928).

Hoever die bepaalde toepassing op hier-geboortige blanke nakomelinge reeds verbreid was, blyk nog nie; wel is seker dat die verskuiwing van die betekenis van nie-blanke na blanke teen 1708 al ’n daadsaak is en dat die naam verknogtheid aan die nuwe vaderland laat vermoed en ’n bewustheid in die onderskeiding tussen blankes van hier en van elders („vaderlandsche menschen”).

Naas die hoofplaas het te staan gekom die Kompanjiese militêre *buyposten* of administratiewe *buypen* (in verskillende spellingvariasies), in die omgang ook genoem *bet platte land* (vergelyk sitaat by *Afrikaner* hierbo), en dergelike meer. Verskillende benaminge is aangewend vir die mense wat hier gevestig is, soos *buitenlieden* (-liiden), *buiten menschen*, of meer officieel: *vrye lieden*, *vrye landbouwers*, *vryburgers*. In die tyd van W. A. van der Stel het die verkorting van laasgenoemde tot *burgers/borgers* vry algemeen geword. Offisiële beskeide het veral sedert die landvoogdyskap van Simon van der Stel die term *coloniers* by voorkeur gebesig, wat op die gewysigde beleid en nuwe status heenwys. Die nuanserings by die verskillende benamings is duidelik. Vroeg reeds kom die beroepsnuansering na vore, nl. van *boere* (in die sin van graanverbouers). Aanvanklik is albei begrippe van beroep en vryburgerskap gedek deur die term *boer* of, soos by Van Quaelberg in 1666, *Caepse boeren*, om watter rede *boeren* en *vrylieden* in die begin en sedert die Van der Stels veral *boeren*, *coloniers* en *burgers* as gelykbetekenende wisselname voorgekom het. Die woord neem egter soms ’n omlýning aan waarby die beroep op die agtergrond raak en dié van algemene plattelandsbewoner in teenstelling met dié van Kompanjiesdienaar op die voorgrond tree. In die proses teen nege burgers deur W. A. van der Stel gedagvaar, word

bv. vermeld dat 'n sekere veldwagter moeg geword het om die mense snags te probeer vang en gesê het: „'k Hebber den duijvel van, 'k wil niet verder mee, maar sal na de Caab of na de Boeren lopen” (*Die Huisgenoot* 7 September 1928, bl. 37). Met die weinige gegewens voor ons mag ons die lyne nie skerp trek nie en konkludeer voorlopig slegs dat daar blykbaar heelwat gisting is, maar in die vlottende toestand is daar aanduidings dat die latere gebruikswyses begin uitkristalliseer. Dat dit in party gevalle al ver gevorder het, mag ons seker aanneem as ons in die verhoor van Ari byvoorbeeld lees dat sy mededrosters hom „op een verlaten boereplaetsje . . .” gebring het. Hier het *plaas* kenlik al sy Afrikaanse gebruik aangeneem; vergelyk ook al *veeplaatzes* by Oloff Bergh (88).

In verband met sy aantekeninge vir die Joernale van Bergh en Schrijver het dr. E. E. Mossop getrou al die plekke besoek wat in die verslae vermeld word, en hy maak hierdie belangrike topografiese opmerking (aangehaal in die Afrikaanse vertaling): „Dit is noodsaaklik om aan te stip dat die woord „bergh” gebruik word om 'n berg, heuwel en selfs 'n hoë sandduin aan te dui; die term „koppie” sou gepas het, maar was klaarblyklik toe nog nie in gebruik nie. Maar net eenmaal word die woord „duinen” gebesig, nie vir die rooi sandduine van die Sandveld nie, maar vir die wit kusduine alleen. So sou ons nie die bedoeling van die dagboekhouer weergee as ons ieder slag „bergh” vertaal met „mountain” nie.” (VRV XII 38-40). Dit is des te belangriker as in ag geneem word dat die reisjoernale van Bergh „gehou (is) deur manne van geringe opvoeding” (ald., bl. 38) en dus die gesproke taal beter benader as in die geval wanneer geleerde klerke die pen voer.

Hierdie voorbeelde kan met 'n groot aantal ander, bv. van die tipes *beesten*, *bosjes*, *vallei*, *veld*, *vlaakte*, *volk*, aangevul word wat byna almal dieselfde proses veraanskoulik, naamlik dat vele woorde besig is om die begripsinhoud te maak wat dit egter nog nie of heel selde is — eg Afrikaans!

Die omgewing en plaaslike gebruike is aan die werk om die woorde te nasionaliseer en die inhoud te stempel.

§38. *Invloed van Hottentots.*

Invloed van die taal van die Hottentotte op die taal van die blankes kon langs twee weë plaasgevind het.

(a) Die krom Nederlands van die Hottentotte. Hoe dit miskien daar uitgesien het, het ons aan die hand van weliswaar onvoldoende gegewens probeer uitstippel. Baron Van Rheede het inwerking van hierdie taalvorm vasgestel, asook Kolbe, en albei beskou die kind as die vernaamste bemiddelaar. Mentzel beveg Kolbe se bewering heftig dat die grootste gros van die kinders aan die sorg van aias toevertrou word (VRV VI 108: „The average child is not allowed to run wild among the slave-children. On the contrary, he is tenderly cared for by his mother.”). Van Rheede se opmerking is eintlik dié van ’n bekommerde hervormer. As hulle gedagte is dat die blankes die kromtaal per geleenthede met die Hottentotte self gebruik, d.w.s. hulle taal vereenvoudig en hulle gevolglik rig na die brabbelvorme van die inlanders met die oog op groter verstaanbaarheid in die oordrag van bevele e.d.m., dan strook dit met die gewone ervaring, ook van vandag; maar as dit moet beteken dat die blankes in hulle onderlinge normale gesprekke afsien van hulle gewone taal en bewus die onbeholpe broupogings van hulle minderes en diensbodes besig, dan is dit strydig met die kollektiewe ervaring deur die eeue heen. Wel kan daar onbewus kleiner (en moeilik aanwysbare) inwerking wees, maar stellig nooit sodanig dat dit die taalstruktuur kan omvorm nie. Daar het ’n baie duidelike grens tussen die beskaafde en verbrokkelde vorms bestaan wat nie net uiterlik gekenmerk is nie, maar op psigo-sosiologiese gronde (en dus innerlik) uit mekaar gehou is.

(b) Die eie taal van die Hottentotte self. Daar is betoog dat die blankes Khoisan aanvanklik nie kon aanleer nie en dat slegs ’n geringe klompie dit ewentueel met enige gemak kon praat. Die verhouding tussen Hottentots en Nederlands was waarskynlik nooit so sterk as in

hierdie periode nie. Ongelukkig ontbreek 'n betroubare opgaaf van die getal Hottentotte in die gebiede destyds deur die koloniste bewoon, maar dat die inlanders toe nog aansienlik in die meerderheid was, is so goed as seker. Die pokkies en ander faktore sal eers in die volgende periode die verhouding grondig gaan versteur. In ons tydvak was daar na die oorlog met die Gonjemans 'n bestendige vrede. Die verarmde Hottentotte het by die vryliede in diens getree en van die verderaf-wonendes (veral die Hessekwas in die Ooste en die Namakwas in die Noorde) wat nog hoofsaaklik eentalig was, is vee ingeruil. Die koloniste en die veehandelaars (selfs al is laasgenoemde bygestaan deur vertalers) het noodwendig 'n paar elementêre woorde as noodhulp aangeleer. Ten Rhyne wat in 1673 hier was, noem 'n goeie twintig suiwer „Hottentottonica” wat aan die Kaap gedurig voorkom in die taal van die Europeane, t.w. veral handelsterme en name vir die gewoonste diere en plante. Daaronder verskyn *bouchou* (*boegoe*), *dacha* en *kiny* (waarskynlik *kiry* vir *kierie*, ook by Schreyer (35) en ander). Die res is vandag onbekend, maar dit beklemtoon die feit dat die kennis van los Hottentotse woorde nie onderskat moet word nie. Onder plantname uit hierdie periode noem dr. Scholtz nog die *kanna* (29).

By die name van plekke is reeds gesien hoe meer as een pleknaam 'n letterlike vertaling uit Hottentots is. Dit is soms alleen toevallig dat ons so 'n feit kan bepaal, byvoorbeeld deurdat Hartogh ons die inlandse name meegedeel het van baie riviere langs die pad van die veehandelaar se roete na die Breederivier (*Synna*). Ons kan gerus aanneem dat vele ander onskuldige Afrikaanse name oorspronklik uit die inboorlinge se taal vernederlands is, *blou-* en *suurgras* kan bv. goed hierby gedink word. Wie sal in *hartebeesbuisie* 'n Hottentotse woord soek? Egte Hottentotse woorde is party keer langs volksetimologiese weg ontvoog, soos by *graatjiemeerkat* (*garda*, 'n meerkat, reeds deur Claudius (1685) vermeld) en *hartebeesbuisie* (Hot. /*barub*, 'n mat van biese, of 'n biessoort) sal blyk.

Ofskoon dit nie altyd op grond van vindplase gesê kan word nie, is dit tog hoogswaarskynlik dat verdere direkte ontleninge soos die volgende uit hierdie tydvak moet dateer: i.v.m. kindersorg: *abba*; uitroep: *aitsa*, *arrie*, *ẽ*, *ẽẽ*, *eina*, *êtsã*, *gã*, *bẽẽ*, *sie*, *soel*; die tydspartikel *boeka* en gebruiksartikels soos *gorra* en *karos*. Hier is vir die taal van die blankes werklike wins te boekstaaf deurdat die woorde nuwe begrippe verteenwoordig (*abba*, *karos*) of as affekwoorde 'n eie sfeer binnevoer; die taalstruktuur bly daardeur egter volkome onaangetas. By die invoering van die affekwoorde kan die kind 'n belangrike bemiddelaar gewees het. Het Afrikaans iets van sy voorliefde vir die emosionele basis ten opsigte van verkleiningsvorme aan subtiele Hottentotinvloed te danke? Planert deel mee: „Der Hottentotte liebt es, im Diminutivum zu sprechen” (*Handbuch der Nama-Sprache* . . . 1905, bl. 15), met 'n goeie voorbeeldsin opgehelder, en in die afdeling *Grammatik* van Meinhof se *Lehrbuch der Nama-Sprache* sê Westermann (vgl. bl. 7 ald.) dat die Nama-Hottentot sy verkleiningsuitgange heg aan s.n.w. en w.w. (vgl. Afrikaans: *gaan slapies*). Ongelukkig weet ons niks nuttigs betreffende die Hottentottaal direk uit die tydperk en gebied onder bespreking nie, sodat afleidings onregstreeks gemaak moet word.

§39. *Ander invloede.*

Ook in die geval van die slawetaal is beïnvloeding moontlik uit (a) hulle krom Nederlands, (b) hulle Maleis of/en Maleis-Portugees, en (c) albei die pasgenoemdes tesame. By die uitgesukkelde Nederlands van die slawe geld dieselfde oorwegings as by die kromtaal van die Hottentotte.

Regstreekse ontleninge uit die taal van die negerslawe is nog nie aangewys nie. Uit Maleis-Portugees is deur dr. Hesseling en P. J. du Toit (*Afrikaanse Studies*, 1905) veel aangevoer, maar dr. Bosman en S. P. E. Boshoff (*Volk en Taal van Suid-Afrika*) het kon betoog dat omtrent die grootste helfte van die klein 120-tal

woorde reeds voor 1652 in Nederlandse geskifte gedokumenteer is, waaruit volg, soos hulle aangetoon het, dat sodanige woorde ten opsigte van Afrikaans as erfgoed te beoordeel is. Hieruit blyk dat alle Maleise woorde nie net deur bemiddeling van die slawe ingedring het nie — al was dit 'n hoofkanaal. Ook ander het Maleis geken, soos die Oosterse bannelinge en vele vryswartes, die oudgaste en diegene onder die Kompanjiesdienaars wat lank genoeg in die Ooste verblyf gehad het, insluitende hulle wat ondertussen vrybriewe ontvang het. Die handels- en seemanstaal moet ook nog in rekening gebring word. In hoofsaak is dit waar dat hierdie groepe daarenbowe ook gebroke Portugees verstaan en gepraat het en hulle kon die invoering van woorde daaruit vir sekere welbekende begrippe en gebruike bevorder het.

Die getal ontleninge hieruit wat lewenskragtig gebly het, is heel gering. In ons periode is o.m. as waarskynlik te noem *aia* (P), *maai* (P, voor die naam van 'n slavyn), *nonje* (*nonna*, M), *paai* (P, voor die naam van 'n slaaf), *sieur* (P?); verder *maskie* (P), *tabeetjes* (M) en miskien reeds *doepa* (M) en *paljas* (M), *baljaar* (P), *tronk* (P) e.a. (Vir die datering is die meergemelde artikels van Van Oordt en Franken en die besprekings van Bosman, Boshoff en Hesseling geraadpleeg). Al hierdie woorde leef nie meer in Afrikaans nie en in elk geval getuig hulle nie van diepgaande invloed nie. Ook hier moet ons aanneem dat as ons 'n volledige beeld van die gesproke taal van destyds gehad het, die lysie stellig langer sou gewees het en ons op subtieler invloede as net woordontlening kon gelet het.

§40. 'n Paar ander aspekte.

Die gesigspunte van klank- en vormleer sal ewentueel deeglik ondersoek moet word, 'n taak wat egter weens gebrek aan voldoende materiaal ten opsigte van die werklike en gewone spreektaal groot eise gaan stel. Vir sover ek op grond van die toeganklike stukke kan oordeel, lyk dit my of ons nie al te ver van die waarheid af sal wees nie as ons beweer dat die beeld wat die klankestelsel

te sien gee, essensieel nog dieselfde is as in Van Riebeeck se tyd. Oor die artikulasiebasis, rompsande e.d. weet ons niks en met die spellingvorme moet ons darem versigtig wees. By Bergh kry ons op dieselfde bladsy *Zoute ravier* en *Soute revier* (174) naas nog *rivier* en *rievier*, wat twee of meer wyses van uitspraak kan verteenwoordig; of daar is *met 't limieren van den dagh* (86) en *met het lameeren van den dach* (174), of *draeghbeesten* (102), *dragtbeesten* (100) en enige reëls later *dragbeesten*. Die kenmerk is juis 'n mate van losheid en beweeglikheid en kan soms op wisselende uitspraakwyses gefondeer wees. Interessant dat in Bergh se reisverhaal altyd *tyger* (met die tweeklank) voorkom maar in sy eiehandig geskrewe briefie word die pleknaam albei kere as *Tiger-boeck* (70) gespel. Die wisseling (ook by Valentyn 11b, Hoffin 25 e.a.) is al in die *Dagverhaal* van Van Riebeeck (*tiger* 3, 185 x *tijger* 1 473, 2 14 e.v.) en nie net tot dié geval beperk nie. *Leggen* en *liggen* word nie net by Van Riebeeck „deurmekaar” gebruik nie; later kom dit telkens voor, en hoe Afrikaans klink die sin van Bergh nie: „lieten deselve aen lincker handh *leggen*” (88)! By Van Riebeeck staan *renocheros* (een keer egter *renochelos* 2 248); die reisverhaal van Simon van der Stel het *Rhinocer-bosch* (60b), so ook by Schrijver *Rbenocers Bosjes* (222), maar by die Duitser Hoffinann is dit eenvoudig *rbenoster* (31).

Die meervoud op *-s* waar ons vandag 'n *-e* het, kom nog veel voor, o.a. by Bergh bv. *pijlen en boogs* (84), *snaphaens en pistools* (104); behoue in Afrikaans is die eweneens meegebragte *-mans* in *Bosjesmans*, *Duytsmans*, *Gonjemans* e.d., *Hottentots*, (vier) *stukx* (vee) e.a. Die Amsterdammer Dapper skryf hierdie vorme en ander ook (*kools*). Naas *gebergdens* (84) staan by Bergh in die enkelvoud *gebergte* en ook wel *'t gebergten* (84); vandaar dan die wenslikheid van die mv. op *-s*. Soortgelyke gevalle reeds by Van Riebeeck.

Die vir de (bepaalde lidwoord) loop ons vaak raak en dit was ongetwyfeld lewendig in die spreektaal van toe. Vergelyk by Bergh: „en maeckten alles claer om de

wagens te lichten en op *die draegbeesten te laeden . . .*" (102; vgl. 128: *die plaets* en drie keer in Bergh se brief).

Die Duitse geskifte is leersaam vir sowel die Nederlandse woorde wat hulle daarin opneem as vir die gebruik van name aan die Kaap gangbaar of nog nie gangbaar nie. As Hoffmann bv. oor *Feldbüner* (31) en Schreyer oor *Kornbüner* (53) gesels, mag ons seker aflei dat *tarentaal* nog nie die volksnaam is nie. Schreyer gebruik *Gensböcke* (60), *See-kübe* (26), *Wilde Esel* (29), *Wilde Pfauen* (53), *Wölffe* (62) en verskeie ander, soms met die plaaslike toenaam, in die Kaapse sin, al lewer hy heel seldsaam kommentaar, bv. „das Wasser-pferd (verstaan: *hippopotamus*) welches hier unrecht eine Seekuh genennet wird" (59-60), sodat hy wel ook krities ingestel is. By hom is daardie mooi doeblet: *Wasser-Melonen* (17) en *Wasser-Limonien* (62), waarmee ons die bestaan van die tweede variant, reeds in die 17de eeuse Nederlands bekend (Boshoff 194), van heel vroeg af hier mag aanneem.

Die losse vermeldings illustreer hoe verleë ons nog is met betrekking tot 'n sistematies-uitgewerkte studie van die taalkundige aspekte uit ons tydperk. Ons weet nog so bedroewend weinig, en dit ondanks die feit dat geen enkele tydvak in ons taalgeskiedenis so goed deursoek is as juis die eerste halfeeue nie. Aan die een kant is die boustowwe skraal, aan die ander kant was die bewerking van die materiaal, behalwe in die studie van dr. Scholtz, nie opsetlik histories gerig nie.

§41. *Terugblik.*

Die taal van die Nederlanders (burgers en bewindhebbers) was die oorwinnende taal en al die ander groepe het dit geken, òf in suiwer òf in een of ander gebroke vorm. Die vraag is in hoeverre het Nederlands in die mond van die blanke inwoners self onder al die inwerkende faktore verander. Daardie faktore was hoofsaaklik (a) nuwe lands- en lewensomstandighede wat aan bepaalde groepe woorde 'n aangepaste betekenisinhoud gegee het of besig was om te gee, en in die taallewe as geheel normsoekend was ten opsigte van

terreine waar veelheid, onsekerheid en dubbelsinnigheid in wisselvorme, ens. geheers het of skeppend waar 'n lakune bestaan het, en (b) die krom-taal-vorme wat veral op die taalstruktuur (morfologie, sintaksis) en sfeer kon ingewerk het.

By die woordeskat het ons veranderinge kon vasstel, of deur aanwys van nuwe woorde (ontlening), of deur verskuiwings by bestaande woorde. Veranderinge in die uiterlike klankebestand wat op nuwighede wys, was daar of nie, of dit was in elk geval gering; en in die vormleer het ons in die Nederlands van die blankes beslis nie daardie trekke gevind waardeur Afrikaans hom besonderlik onderskei nie, soos die sameval van *de* en *het* in *die* as die normale verskynsel, van *ons* vir *wij* en die verrassende vereenvoudiging in die voornaamwoordelike stelsel, van die „dubbele ontkenning” of die in-onbruik-geraking van die sterk imperfektumvorm of van sterk defleksie in die algemeen.

Op grond van wat ons van persone ter plaatse verneem het (Van Rheede, Kolbe — met Mentzel se kritiek), weet ons stellig van die bestaan van brabbelvorme, meer bepaaldelik onder die kinders, maar soos ek die opmerkings begryp het, getuig daardie persone nie dat die nedersetters se taal as geheel die kenmerke van die brabbeltale aangeneem het nie. Die brabbelvorme self is ryk aan kreolismes, onbeholpenheid en gebondenheid, maar afgesien van twee of meer waarskynlik *toevallige* ooreenkomste (*ons* vir *wij*) is daardie kenmerke nie Afrikaans nie. Die brabbeltale waarvan ons voorbeelde kon kry, bly heeltemal 'n ander en wel *oneie* taalvorm, van sowel Nederlandse as Afrikaanse standpunt besien.

Ons gevolgtrekking is dus dat die kolonistetaal wel besig is om afwykings te toon en 'n eie norm te skep, maar dat daardie taal in sy verskyning as geheel nog essensieel Nederlands is, miskien presieser gesê Kaaps-koloniale Nederlands. Teen 1708 het ons sekerlik nog niks wat duidelik as 'n vorm van Afrikaans (blanketaal) bestempel kan word nie, ondanks embrionale ontwikkelinge en tekens van spanning en gisting.

Die gevaar van bostaande konklusie lê daarin dat die skryftaal te veel as 'n goeie refleks van die koloniste se spreektaal aanvaar is en dat dit op ongenoegsame gegewens berus. Maar ons het darem daarby aanduidings wat nie heeltemal waardeloos is nie, soos die taalgebruik van die sekretarisse wat van Oloff Bergh se twee landtogte aantekening gehou het, „manne van geringe opvoeding,” ook blykens die onvastigheid van hulle spellingwyses. Hulle taal is, as geheel geneem, goeie, eenvoudige Nederlands, Kaaps-koloniale Nederlands desgewens, maar *in alle essensies nog Nederlands*. Ons moet hulle taal tog seker as 'n redelik goeie benadering van die *algemene norm* beskou. Dit is duidelik dat die vreemdelinge hulle daarna gerig het en nie omgekeerd, dat die Nederlands-kundige koloniste hulle tot die vorm van die minder-goed gesosialiseerde kromsprekers sou gewend het nie. Om te sien hoe die regulerende kragte nog altyd na boontoe ophief, moet die eiehandig geskrewe brief van die Sweed Bergh gelees word. Hier lewer 'n vreemdeling bewys hoe goed hy die landstaal onder die knie gekry het nadat hy, wat die diens as 22-jarige aanvaar het, die N.O.I.K. 34 jaar lank gedien het, 18 daarvan aan die Kaap. Afgesien van spellingeienaardighede (*oom* en *om* vir *om*) is daar weinig wat die vreemdeling aandien.